GRAAD 12

AFRIKAANS FAL

MODULE 1

www.ecubeonline.com

Copyright ©2020 eCUBE. All rights reserved. This content or any portion thereof may not be reproduced or used in any manner whatsoever without the express written permission of eCUBE.

About eCUBE ONLINE

eCUBE ONLINE is the new online extension of E-SQUARE EDUCATION.

eCUBE ONLINE is an upbeat online learning solution, offering you the opportunity to complete or upgrade your Matric and upskill yourself with Microsoft Courses.

We offer online Matric National Senior Certificate (NSC), Amended Senior Certificate (ASC) or Subject Assistance as an enrichment tool to ensure you achieve your best results.

eCUBE ONLINE offers outstanding service

- Full preparation for National Examinations to receive an accredited Umalusi Matric Certificate.
- Online assistance with registration at the Department of Education.
- Online assistance with choices of subjects based on previous results and career paths.
- Free GeniusU testing.
- No separate resources required, such as guidelines, textbooks and separate assessment tools.
- Sample learning material (first Subject module) is available to view before registration and payment.
- Learning fee includes examination fee.

Availability of free mentor service

- Three (3) hours per subject mentorship for free.
- Students can communicate with their mentor via zoom, email, or WhatsApp or telephone.
- Students may also comment/pose questions on the Special Request section on the learning site that is screened and answered by subject experts. This Special Request section will be accessible to all students, so could provide answers for students who might have had the same enquiry.

User-friendly learning format

- Each matric subject is divided into 12 modules to ensure paced and easy learning.
- You have access to learning material, 24 hours per day and 7 days a week.
- Monitor your progress at the end of each module.
- Each module has exercises based on the topics covered in the module and previous module.
- The questions are based on the type of assessment candidates may expect in the National examination to practice the application of knowledge gained.
- At the end of each module, a compulsory quiz ensures that the candidate has gained the general knowledge required for the topic covered before progress is made to the following module.
- The modules were compiled from multiple resources, both prescribed by the Department of Education and other professionals, to ensure that the topics are covered in detail and from all perspectives.
- Subject specialists with years of experience in teaching their subjects, proof-read all modules and assisted with recommendations to ensure full coverage and easy learning.
- Modules are updated as the curriculum changes to ensure the validity of the learning material.

Copyright ©2020 eCUBE. All rights reserved. This content or any portion thereof may not be reproduced or used in any manner whatsoever without the express written permission of eCUBE.

INHOUD

INHOUDSOPGAWE

EENHEID 1: DIE UITLEG VAN EKSAMENVRAESTELLE 8
LEERUITKOMSTE 8
1. DIE UITLEG VAN EKSAMENVRAESTELLE 9
1.1. Inhoud van die vraestelle 10
2. LITERATUURLYS 10
2.1. Die Romans 10
2.2. Die Dramas 11
2.3. Die Kortverhale 11
2.4. Die Gedigte 12
EENHEID 2: TAALKENNIS 13
LEERUITKOMSTE 13
1. AFKORTINGS 14
2. VERKORTINGS 21
3. AKRONIEME 21
4. DENOTASIE EN KONNOTASIE: 24
5. IDIOME EN UITDRUKKINGS: 25
EENHEID 3: SKRYFKUNS 27
LEERUITKOMSTE 27
1. OPSOMMING: RIGLYNE EN WENKE VIR OPSOMMINGS 28
1.1. Wat is ‘n opsomming? 28
1.2. Hoe skryf mens ‘n opsomming? 28
1.3. Hoe verkort ons? 29
1.4. Wat moet ek onthou? 30
1.4.1. Voorbeeld 1 31
ANTWOORDE: Opsomming 32

Copyright ©2020 eCUBE. All rights reserved. This content or any portion thereof may not be reproduced or used in any manner whatsoever without the express written permission of eCUBE.

1.4.2. Voorbeeld 2 33
ANTWOORDE: 33
2. BRIEF AAN DIE PERS 34
2.1. Aanspreekvorme in Formele Briewe 34
3. KENNISGEWING/HULDEBLYK AAN ‘N KOERANT 36
3.1. Voorbeeld 1 37
3.2. Voorbeeld 2 38
EENHEID 4: LITERATUUR - GEDIGTE 39
LEERUITKOMSTE 39
1. INLEIDING TO DIGKUNS EN LITERATUUR 40
1.1. Struktuur van gedigte 40
1.2. Sonnet 40
1.2.1. Italiaanse Sonnet 40
1.2.1.1. Uiterlike Bou 40
1.2.1.2. Innerlike bou 41
1.2.2. Engelse Sonnet 41
1.2.2.1. Uiterlike bou 41
1.2.2.2. Innerlike bou 41
1.3. Soorte gedigte 42
1.4. Eindrym 43
1.5. Die tema 43
1.6. Die verteller 43
1.6.1. Die eerstepersoonsverteller of ek-verteller 44
1.6.2. Die derdepersoonsverteller 44
1.7. Karakters 44
1.7.1. Soorte karakters 44
1.7.2. Karakterbeelding (karakteriseringstegnieke) 44
1.8. Gebeure of intrige 45
1.9. Ruimte (plek/milieu) 45
1.10. Tyd 45

Copyright ©2020 eCUBE. All rights reserved. This content or any portion thereof may not be reproduced or used in any manner whatsoever without the express written permission of eCUBE.

1.10.1. Vertelde tyd 45
1.10.2. Verteltyd 45
1.11. Geïmpliseerde betekenis 45
1.12. Leseridentifikasie 46
1.13. Struktuurelemente van ‘n prosawerk 46
1.13.1. Karakters 46
1.13.2. Handeling (gebeure) 47
1.13.3. Tyd 47
1.13.4. Ruimte 48
1.13.5. Vertellerperspektief 49
1.13.6. Tema 50
1.13.7. Leseridentifikasie 50
1.13.8. Boodskap/insig 50
1.13.9. Geïmpliseerde betekenis 50
1.13.10. Werklikheidsillusie 50
1.13.11. Die bou 50
1.14. Beeldspraak 51
1.14.1. Metafoor 51
1.14.2. Vergelyking 51
1.14.3. Personifikasie 52
1.14.4. Apostroof 52
1.14.5. Alliterasie 52
1.14.6. Assonansie 53
1.14.7. Klanknabootsing of Onomatopee 53
1.14.8. Teenstelling 53
1.14.9. Oksimoron 53
1.14.10. Ironie 53
1.14.11. Satire/Spotskrif 54
1.14.12. Hiperbool/Oordrywing 54

Copyright ©2020 eCUBE. All rights reserved. This content or any portion thereof may not be reproduced or used in any manner whatsoever without the express written permission of eCUBE.

1.14.13. Eufemisme/Verbloeming....54
1.14.14. Klimaks....54
1.14.15. Woordspeling....55
1.14.16. Retoriese Vraag....55
1.14.17. Metonimia....55
2. RONDOM MY – DAWIE DE JAGER....58
2.1. Tema....59
2.2. Titel....59
2.3. Ontleding van die gedig....59
2.4. Opsomming van die gedig....62
2.5. Uiterlike bou van die gedig....62
2.6. Stemming en toon....63
2.7. Punktuasie....63
3. PALIMPSES – JOHANN DE LANGE....63
3.1. Tema van die gedig....64
3.2. Titel....64
3.3. Ontleding van die gedig....65
3.4. Opsomming van die gedig....67
3.5. Uiterlike bou van die gedig....67
EENHEID 5: VRAE EN ANTWOORDE....68
LEERUITKOMSTE....68
1. OEFENING 1....69
1.1. VRAAG 1....69
1.1.1. Teks 1....69
1.1.2. Teks 2....70
1.1.3. Teks 3....71
1.2. VRAAG 2....74
1.2.1. Formele brief aan die pers....74
1.3. VRAAG 3....74
1.3.1. Huldeblyk....74

Copyright ©2020 eCUBE. All rights reserved. This content or any portion thereof may not be reproduced or used in any manner whatsoever without the express written permission of eCUBE.

2. OEFENING 2 74
2.1. VRAAG 1 74
2.2. VRAAG 2 76
3. ANTWOORDE 78
3.1. OEFENING 1 78
3.1.1. VRAAG 1 78
3.1.2. VRAAG 2 79
3.1.3. VRAAG 3 80
3.2. OEFENING 2 80
3.2.1. VRAAG 1 80
3.2.2. VRAAG 2 81

Copyright ©2020 eCUBE. All rights reserved. This content or any portion thereof may not be reproduced or used in any manner whatsoever without the express written permission of eCUBE.

EENHEID 1: DIE UITLEG VAN EKSAMENVRAESTELLE

LEERUITKOMSTE

Na hierdie eenheid bestudeer is, behoort jy:

- Die uitleg van die verskillende vraestelle wat suksesvol voltooi moet word te verstaan.
- Die inhoud van die literatuur wat voltooi moet word, te verstaan.

Jy behoort min of meer 1 uur op hierdie eenheid te spandeer.

Copyright ©2020 eCUBE. All rights reserved. This content or any portion thereof may not be reproduced or used in any manner whatsoever without the express written permission of eCUBE.

1. DIE UITLEG VAN EKSAMENVRAESTELLE

Jy moet drie vraestelle skryf om Afrikaans Eerste Additionele Taal suksesvol te voltooi. Al drie vraestelle moet geskryf word, anders sal jy nie ‘n resultaat vir die vak ontvang nie.

Hierdie drie vraestelle sal op verskillende dae geskryf word.

Maak seker dat y presies weet watter vraestel jy wanneer skryf en dat jy weet vaarvoor om voorteberei vir elke vraestel sodra jy jou eksamen toelatingsvorm ontvang het by die Departement van Onderwys.

As jy besluit on die drama of/en verhaal voor te berei, begin onmiddelik om dit te lees. Let daarop dat jy nie net een keer deur die modules moet werk nie. Dit moet deeglik bestudeer word.

Uitleg van die vraestelle:

Vraestel	Inhoud	Punte	Tyd
Vraestel 1	Afdeling A: Leesbegrip Afdeling B: Opsomming Afdeling C: Taal	Afdeling A: (30) Afdeling B: (10) Afdeling C: (40) Groottotaal: [80]	2 ure
Vraestel 2	Leerders moet enige twee uit die vier afdelings voltooi: Afdeling A: Roman Afdeling B: Drama Afdeling C: Kortverhale Afdeling D: Gedigte	Afdeling A: (35) Afdeling B: (35) Afdeling C: (35) Afdeling D: (35) [2 X 35 = 70] Groottotaal: [70]	2 ure
Vraestel 3	Leerders moet een vraag uit elkeen van die drie afdeling beantwoord. Afdeling A: Opstel Afdeling B: Lang transaksionele teks Afdeling C: Kort transaksionele teks	Afdeling A: (50) Afdeling B: (30) Afdeling C: (20) Groottotaal: [100]	2 ure en 30 minute

Copyright ©2020 eCUBE. All rights reserved. This content or any portion thereof may not be reproduced or used in any manner whatsoever without the express written permission of eCUBE.

1.1. Inhoud van die vraestelle

- Vraestel 1 bestaan uit taalkennis en die beantwoording van vrae wat op ‘n geskrewe stuk gebaseer is en begripstoetse.
- Vraestel 2 bestaan uit die literatuur. Daar is vier forme literatuur wat voorgeskryf is en dit is belangrik dat enige twee genres bestudeer moet word: Digkuns, roman, drama en kortverhale. Enige twee van hierdie genres moet gekies word om in diepte bestudeer te word.
- Vraestel drie bestaan uit skryfwerk en bestaan uit opstelle and korter skryf stukke wat voltooi moet word.

2. LITERATUURLYS

Daar bestaan vier genres ot tipes van literatuur wat kandidate kan kies om voor te berei: Romans; Dramas; Kortverhale en Gedigte.

2.1. Die Romans

Titel	Skrywer
Meeulanders	Esta Steyn
Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom	Marita van der Vyver
Kringe in ‘n bos	Dalene Matthee
Lien se lankstaanskoene	Derick van der Walt

NB! Die ongelooflike verhale van Hanna Hoekom sal in hierdie modules bespreek word.

Copyright ©2020 eCUBE. All rights reserved. This content or any portion thereof may not be reproduced or used in any manner whatsoever without the express written permission of eCUBE.

2.2. Die Dramas

Titel	Skrywer
Poppie	Elsa Joubert
Paljas	Chris Barnard
Fiela se kind	Dalene Matthee

NB! Die drama Fiela se kind sal in hierdie modules bestudeer word.

2.3. Die Kortverhale

Titel	Skrywer
Rot in ‘n val	H du Plesiss
Oom Dries se sorge met Jantjie	Felicia Goosen
Veertig sinkplate teen die suidewind	Dana Snyman
Die ballade van Robbie de Wee	Deon Meyer
Vegvlieënier Vivian	Francois Geringer
Die weldoener	TT Cloete
Van Precious: ‘n buisie salf	Maretha Maartens

NB! Al die kortverhale moet bestudeer word as jy hierdie genre kies om voor te berei vir jou nasionale eksamen.

Copyright ©2020 eCUBE. All rights reserved. This content or any portion thereof may not be reproduced or used in any manner whatsoever without the express written permission of eCUBE.

2.4. Die Gedigte

Titel	Digter
Rondom my	Dawie de Jager
Palimpses	Johann de Lange
Tien haikoes vir die Vredefortkoepel	Hans du Plessis
Huiskat	Elisabeth Eybers
Ek het ‘n huisie by die see	HA Fagan
Boekmerk	Marlise Joubert
Pryslied	Antjie Krog
Die boodskapper	Peter Snyders
Die nuwe kind	Pieter Strauss
By die robot in Eerstelaan	Marita van Aswegen

NB! Al die boonste gedigte moet voorberei word as jy hierdie genre kies vir jou nasionale eksamen.

Copyright ©2020 eCUBE. All rights reserved. This content or any portion thereof may not be reproduced or used in any manner whatsoever without the express written permission of eCUBE.

EENHEID 2: TAALKENNIS

LEERUITKOMSTE

Nadat jy hierdie module bestudeer het, behoort jy:

- Die reëls ten opsigte van afkortings, verkortings and akronieme te verstaan en toe te pas.
- Oefeninge te voltooi met betrekking tot afkortings, verkortings en akronieme.
- Die verskille tussen afkortings, verkortings en akronieme te begryp en toe te pas.

Jy behoort min of meer 1 week op hierdie eenheid te spandeer.

Copyright ©2020 eCUBE. All rights reserved. This content or any portion thereof may not be reproduced or used in any manner whatsoever without the express written permission of eCUBE.

1. AFKORTINGS

'n Afkorting is 'n verkorte skryfwyse vir 'n woord, woordgroep of naam van ‘n organisasie en dit word slegs in geskrewe taal gebruik. Een of meer letters van die volvorm woord word weggelaat om 'n afkorting te vorm. Afkortings word net in geskrewe taal gebruik.

Daar word tussen vier kategorieë afkortings onderskei:

- Egte afkortings: As ons dit lees word die oorspronklike woord voluit uitgespreek, byvoorbeeld bl. word uitgespreek as bladsy; m.a.w. word uitgespreek as met ander woorde.
- Simbole: Wetenskaplike notasies en ander genormeerde kort skryfwyses val onder hierdie kategorie, byvoorbeeldV vir Volt; g vir gram; EUR vir euro.
- Akronieme - Letternaamwoorde: Waar ons die letters afsonderlik uitspreek, byvoorbeeld ATKV word uitgespreek as aa tee ka vee.
- Akronieme - letterklankwoorde: Waar ons die letters as 'n woord uitspreek, byvoorbeeld Unisa word uitgespreek as 'n woord.

As algemene riglyn geld dat slegs algemeen erkende afkortings gebruik word. Sommige afkortings word normaalweg nie as deel van ‘n sin gebruik nie, maar slegs as opskrifte bo kolomme, as deel van lyste, by die korreksie van tekste, as titel voor ‘n naam en in ‘n bibliografie: Byvoorbeeld:

Afkorting	Betekenis
bl.	Bladsy
dt.	Debiet
hl.	Hoofletter
kt.	Krediet
NP	Nuwe paragraaf
tab.	Tabel
vb.	Voorbeeld

Sommige afkortings word normaalweg slegs in woordgroepe saam met eiename gebruik, byvoorbeeld:

Copyright ©2020 eCUBE. All rights reserved. This content or any portion thereof may not be reproduced or used in any manner whatsoever without the express written permission of eCUBE.

Afkorting	Betekenis
dr.	dokter
mev.	mevrou
mnr.	meneer

NB!

Dit is belangrik om te onthou dat hierdie afkortings nie aanvaarbaar is in sinne nie. Ons sal dus nie skryf:

- “Ek gaan more *dr. toe”
- “Wil *mev. dalk ‘n koppie tee hê?”

Sommige afkortings word slegs in woordgroepe saam met getalle gebruik;

Afkorting	Betekenis
hfst.	hoofstuk
nr.	nommer
par.	paragraaf

NB!

Hierdie afkortings is nie aanvaarbaar in sinne nie en ons sal dus nie die volgende skryf nie:

- “Ons het die *hfst. oor woordsoorte behandel.”
- “Die *nr. op die kaartjie is nie korrek nie.”
- “Onthou om ‘n *par. te skryf oor jou vakansie.”

Copyright ©2020 eCUBE. All rights reserved. This content or any portion thereof may not be reproduced or used in any manner whatsoever without the express written permission of eCUBE.

Dit is ook belangrik om te onthou dat ‘n sin nooit met ‘n afkorting begin nie en ons sal nie die volgende skryf nie:

- *D.w.s. jy het die vir die toets geleer nie.
- *T.o.v. jou opmerking het ek niks verder om te verduidelik nie.

Opeenvolging van afkortings in ‘n sin word as swak skryfstyl gesien en word dus nie aanbeveel nie:

- Ek stem *n.a.v. *o.m. die volgende voorbeeld daaroor.
- Daar is *t.o.v. *e.g. *par. geen beswaar nie.

Hieronder is ‘n lys van algemene afkortings. Onthou dat jy nie tydens enige skryfstukke jou eie afkortings mag skep nie. Slegs erkende afkortings mag gebruik word.

Afkorting	Betekenis
as.	aanstaande
o.m.	onder meer
m.a.w.	met ander woorde
m.b.v.	met behulp van
MIV of M.I.V.	menslike immuniteitsgebreksvirus
VSA of V.S.A	verenigde State van Amerika
BTW of B.T.W.	belasting op toegevoegde waarde
cm	sentimeter
kg	kilogram
ml	milliliter
TV	televisie
e-boek e-pos e-posadres	Elektroniese boek Elektroniese pos Elektroniese posadres

Copyright ©2020 eCUBE. All rights reserved. This content or any portion thereof may not be reproduced or used in any manner whatsoever without the express written permission of eCUBE.

Afkortings om te leer:

Afkorting	Betekenis
aanb.	aanbod
aand	aandeel
aanh.	aanhangsel
aank.	aankoms
aanm.	aanmerking
aant	aantekening
aanvr.	aanvraag
aanw.	aanwysende
a.b.	aanboord
ABC	alfabet (ook abc)
ab init.	ab initio (v.d. begin af)
abstr.	abstrak(te)
A.C.	Anno Christi (in die jaar van Christus; vandag geskryf as AC)
A.C.V.V.	Afrikaanse Christelike Vroueverenigingen (vandag geskryf as ACVV)
A.D.	Anno Domini (in die jaar van ons Here; vandag geskryf as AD)
a.d.	ante diem (voor die dag); a dato v. d. dagtekening af
ad fin.	ad finem (tot aan die end)
ad inf.	ad infinitum (tot die oneindige)
ad init.	ad initium (aan die begin)
adj.	adjektief
adjt.	adjudant
adjt.-genl.	adjudant-generaal
ad lib.	ad libium na keuse
ad loc.	ad locum op hierdie plek
admin.	administrateur; administrasie
adv.	adverbum, adverbiaal; adverbiale; advies; adviseur; advokaat
ad val.	ad valorum volgens waarde
advt.	advertensie
advv.	advokate
afb.	afbeelding
afd.	afdeling
afk.	afkorting
afl.	aflewering
Afr.	Afrikaans; Afrikaner
afs.	afsender
agb.	agbare

Copyright ©2020 eCUBE. All rights reserved. This content or any portion thereof may not be reproduced or used in any manner whatsoever without the express written permission of eCUBE.

a.i.	ad interim (vir die teenwoordige)
Akad.	Akademie (ook akad.)
akk.	akkusatief
aks.	akseptasie; aksepteer
al.	alinea (reël), alias (anders)
ald.	aldaar
alg.	algemeen; algebraïes(e)
Am.	Amerika(ans) (vandag die afkorting vir Amos; gebruik Amer.)
amp.	ampère (eenheid by elektriese stroomsterkte) (of gebruik A)
Angl.	Anglisisme (ook angl.)
anon.	anoniem(e); anonimus
anorg.	anorganies(e)
antw.	antwoord
app.	appellant
appl.	applikant; applous
Apr.	April
Arab.	Arabies(e)
Arb.	Arbeider (lid van party)
Arm.	Armeens(e)
art.	artikel; artillerie (ook a.)
a.s.	aanstaande
asb.	asseblief
ass.	assuransie (slegs vir assessor en assosiaat; vir assuransie, gebruik assur.)
asst.	assistent
atm.	atmosfeer
Aug.	Augustus
a.w.	aangehaalde werk
c. (ook ca.)	circa (ongeveer, omstreeks)
e.a.	en ander
e.d.	en dergelike
ed.	edisie
Ed.	Edele
Ed.Agb.	Edelagbare
e.d.m.	en dergelike (dies) meer
Edms.	Eiendoms
eerw.	eerwaarde
eint.	eintlik(e)
ekon.	ekonomies(e)
Eks.	Eksellensie
eks.	eksemplaar
ekv.	enkelvoud
e.l.	elektriese lig
elektr.	elektrisiteit; elektries(e)

Copyright ©2020 eCUBE. All rights reserved. This content or any portion thereof may not be reproduced or used in any manner whatsoever without the express written permission of eCUBE.

Em.	Eminensie
em.	emeritus
Eng.	Engels(e); Engeland
ens.	ensovoorts
e.o.	ex officio (ampshalwe)
ere-sektr.	ere-sektretaris
esk.	eskader, eskadron
e.s.m.	en so meer
etc.	et cetera (ensovoorts)
etnol.	etnologies(e)
euf.	eufemisme; eufemisties(e)
ev.	eersvolgende; eventueel, elektron-volt
Ev.	Evangelie
e.v.	en volgende
Ex.	Eksodus
ex off.	ex officio (ampshalwe)
F.	Fahrenheit (termometer)
f.	forte (sterk)
fakt.	faktuur
Febr.	Februarie
fec.	fecit (gemaak)
ff.	fortissimo (baie sterk/hard)
fig.	figuur; figuurlik(e)
fl.	floryn (Hollandse gulden)
fol.	folio
fonet.	foneties(e)
fonol.	fonologies(e)
fot.	foto, fotografiese (vir fotografie skryf fotogr.)
fr.	frank
Fr.	Frans(e); Frankryk
Fri.	Fries(e)
Frk.	Frankies(e)
fut.	futurum
j.	jaar
Jan.	Januarie
Jap.	Japan, Japans(e); Japannees, Japannese
Jav.	Java; Javaanse
J.C.	Jesus Christus (ook JC)
Jer.	Jeremia
Jes.	Jesaja
jg.	jaargang
jhr.	jonkheer
jl.	jongslede
Joh.	Johannes

Copyright ©2020 eCUBE. All rights reserved. This content or any portion thereof may not be reproduced or used in any manner whatsoever without the express written permission of eCUBE.

Jos.	Josua
jr.	junior (jongere)
J.S.	Junior-Sertifikaat (ook JS)
jt.	jaart
Jul.	Julie
Jun.	Junie
q.a.	quod attestor (wat ek getuig)
q.e.	quod est (wat beteken)
q.e.d.	quod erat demonstrandum (wat bewys moes word)
q.e.f.	quad erat faciendum (wat gedoen moes word)
q.l.	quantum libet (soveel as mens belief)
q.p., q.pl.	quantum placet (soveel as wat mens wil; versover mens wil)
q.q.	qualitate qua (in hoedanigheid van, ampshalwe)
q.s.	quantum satis of sufficit (soveel as genoeg is)
q.v.	quod vide (waarna u verwys word); quantum vis (soveel as u wil)
u.	uur in verbindinge soos m.p.u.
U dw. dnr.	U dienswillige dienaar
U Ed.	U Edele
u.i.	ut infra (soos onder)
uitbr.	uitbreiding
uitdr.	uitdrukking
ult.	ultimo (laaste)
UNESCO	United Nations Educational, Scientific and Cultural Organisation (ook Unesco)
univ.	universiteit
u.s.	ut supra (soos bo)
W.	Wes
w.	woord; watt; wys (woord = wd.; watt = W)
waarsk.	waarskynlik
wdb.	woordeboek
wed.	weduwee
wetb.	wetboek
w.g.	was geteken
W.Germ.	Wes-Germaans
wisk.	wiskundig
wnd.	waarnemend
wo.	waaronder
Wo.	Woensdag
W.Vl.	Wes-Vlaams(e)
ww.	werkwoord

Copyright ©2020 eCUBE. All rights reserved. This content or any portion thereof may not be reproduced or used in any manner whatsoever without the express written permission of eCUBE.

2. VERKORTINGS

‘n Verkorting bestaan uit ‘n woord se eerste lettergreep en die volgende konsonant.

Byvoorbeeld

- Geskiedenis – Gesk.
- Brittanje – Brit.

Verkortings is ook waneer ‘n letter op die einde van ‘n word of voorvoegsel weggelaat word sodat dit makliker met die volgende woord kan saamsmelt. Dit word ook eliesie of samestelling genoem:

Byvoorbeeld

- Aartappel is die verkortig van aarde-appel
- Binne is die verkorting van be-inne
- Telkens is die verkorting van te-elkens (te elke keer)

3. AKRONIEME

'n Akroniem is 'n tipe afkorting wat as 'n woord uitgespreek kan word. Daar is twee soorte akronieme:

- Letternaamwoorde: Die name van die letters word gebruik om die woord uit te spreek. Byvoorbeeld: MIV word uitgespreek as ‘em ie vee’.

- Letterklankwoorde: Die akroniem word soos enige gewone woord uitgespreek. Byvoorbeeld: vigs (verworwe immuniteitsgebreksindroom)

Akronieme verwys na afkortings wat soos woorde uitgespreek word. Let daarop dat hierdie woorde geen punte kry nie.

Copyright ©2020 eCUBE. All rights reserved. This content or any portion thereof may not be reproduced or used in any manner whatsoever without the express written permission of eCUBE.

Akroniem	Betekenis
UNISA	Universiteit van Suid Afrika
PIN	Persoonlike identiteitsnommer
Fifa	Fédération Internationale de Football Association
Sasol	Suid-Afrikaanse Steenkool-, Olie- en Gaskorporasie
GPS	globale posisioneringstelsel
HAT	Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal
Interpol	Internasionale Kriminele Polisiekommissie

Voorbeelde van letterklankwoorde akronieme:

Akronieme	Betekenis
ABSA	Amalgameerde Banke van Suid-Afrika
ASCII	American Standard Code for Information Interchange (Amerikaanse Standaardkode vir Inligtingsuitruiling)
Benelux	België, Nederland en Luxemburg
Cosatu	Congress of South African Trade Unions
FIFA	Fédération Internationale de Football Association - Internasionale Voetbalfederasie
Gestapo	Geheime Staatspolizei (in Nazi-Duitsland)
HAT	(Verklarende) Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal
INRI	Iesus Nasarenus Rex Iudaeorum (Jesus die Nasarener, (die) koning van die Jode)
Interpol	Internasionale Kriminele Polisiekommissie
Laser	Light Amplification by Stimulated Emission of Radiation (ligversterking deur gestimuleerde uitlaat van straling)

Copyright ©2020 eCUBE. All rights reserved. This content or any portion thereof may not be reproduced or used in any manner whatsoever without the express written permission of eCUBE.

NASA	National Aeronautics and Space Administration (Nasionale Lugvaart- en Ruimte-administrasie)
NAVO	Noord-Atlantiese Verdragsorganisasie
NOKSA	Nasionale Olimpiese Komitee van Suid-Afrika
NUMSA	Nasionale Unie van Metaalwerkers van Suid-Afrika
Radar	Radio Detecting and Ranging
RICA	Regulation of Interception of Communications and Provision of Communication-related Information Act (Wet op die Onderskepping van Inligting en Voorsiening van Kommunikasieverwante Inligting)
SAPA	Suid-Afrikaanse Pers-Assosiasie
SASOL	Suid-Afrikaanse Steenkool-, Olie- en Gaskorporasie
UNESCO	United Nations Educational, Scientific and Cultural Organisation
UNICEF	United Nations Children's Fund (Verenigde Nasies se Kinderfonds)
UNISA	Universiteit van Suid-Afrika

Voorbeelde van letternaamwoorde akronieme:

Akronieme	Betekenis
MIV	menslike immuniteitsgebreksvirus
MID	Misdaadinligtingsdiens
NWU	Noordwes-Universiteit
VOO	verdere onderwys en opleiding
JE of JEB	Johannesburgse Effektebeurs
HTTP	hiperteksoordragprotokol
GPS	globale posisioneringstelsel

Copyright ©2020 eCUBE. All rights reserved. This content or any portion thereof may not be reproduced or used in any manner whatsoever without the express written permission of eCUBE.

4. DENOTASIE EN KONNOTASIE:

Baie woorde het nie net ‘n woordeboekbetekenis nie, maar oor ‘n emosionele waarde of assosiasie.

Denotasie verwys na ‘n woord se letterlike betekenis. In die Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (HAT) word hond gedefinieer as ‘n “viervoetige, vleisetende, intelligente huisdier” – dit is die woord se denotasie: sy letterlike betekenis.

Die konnotasie (of konnotatiewe betekenis) hang af van die leser se interpretasie van die spesifieke woord. Die konnotatiewe betekenis word dus beïnvloed deur al die bykomende betekenisse wat in die leser se geheue of gedagtes oproep. Die woord hond kan dus ‘n aangename of liefde assosiasie verkry as jy ‘n liefde het vir honde. Indien jy al voorheen deur ‘n hond gebyt was, sou jy dalk ‘n negatiewe konnotasie met die woord hond deel.

Dus:

- Konnotasie en denotasie verwys na die betekenis van woorde en hoe ons woorde interpreteer. Elke woord het ’n denotatiewe en konnotatiewe betekenis.

  Konnotasie (of die konnotatiewe betekenis) verwys na die figuurlike betekenis van ’n woord. Dit is die persoonlike betekenis wat elke persoon aan ’n woord heg. Die konnotasies van woorde sal m.a.w van persoon tot persoon verskil. Konnotasies kan negatief of positief wees.

  Byvoorbeeld: “Vuur”

  Konnotasie (positief): Kaggelvuur in die winter, braaivleis, kamp.
  Konnotasie: (negatief): Pyn en verwoesting.

- Denotasie (of denotatiewe betekenis) verwys na die feitelike betekenis van ’n woord. Dit word ook die “woordeboekbetekenis” genoem. Dit is die betekenis van ’n woord wat ons kry wanneer ons die word in ’n woordeboek opsoek.

  Denotasie: Verbranding met vlamme of gloed; hitte en lig as gevolg van branding; brand (HAT, 4de uitgawe, 2010).

Idiome is uitdrukkings wat meestal met afleidings of assosiasies gepaard gaan. Daar moet dus na ’n dieper betekenis in ’n idioom of uitdrukking gesoek word.

Kyk na die onderstaande idiome en kyk of jy weet wat elkeen beteken.

Copyright ©2020 eCUBE. All rights reserved. This content or any portion thereof may not be reproduced or used in any manner whatsoever without the express written permission of eCUBE.

- “Voor op die wa wees. “
    - Om voorbarig of vrypostig te wees.

- In die ou dae moes kinders gesien en nie gehoor word nie.
    - Hulle moes agter op die wa ry terwyl net sekere mense voor in die wa kon ry.

- “Hy is ’n barmhartige Samaritaan.“
    - Hy is hulpvaardig.
    - In die Bybel word verwys na die barmhartige Samiritaan en daarom het die idioom ontstaan, a.g.v. die Bybelse verbintenis/assosiasie.

- “Hy het ’n klap van die windmeul weg.“
    - Hy is nie reg wys nie. Hy is nie 100% by sy volle verstand nie. Daar is ’n paar skroewe los.

- “Hy is met die maan gepla.“
    - Hy is nie reg wys nie. Hy is nie 100% by sy volle verstand nie.
    - Baie mense het destyds geglo dat as iemand hul gesig na die maan toe draai, hulle hul verstand sou verloor.

- Hy lieg soos ’n tandetrekker.
    - Hy jok verskriklik baie. Hy kan verskriklik baie leuens vertel.

- “Hy soek na ’n naald in ’n hooimied.“
    - Hy probeer die onmoontlike doen.

- “Agteros kom ook in die kraal.“
    - Die stadige werker sal ook klaar kry met sy/haar werk.

- “Die aap uit die mou laat.”
    - Die geheim verklap.

5. IDIOME EN UITDRUKKINGS:

Idioom of uitdrukking	Betekenis
‘n Appeltjie met iemand skil	‘n Moeilike saak met iemand bespreek.
‘n Eiertjie lê	Iets te sê hê oor ‘n saak.
‘n Nuwe besem vee skoon.	‘n Nuwe taak word dikwels ywerig aangepak.
‘n Nuwe blaadjie omslaan.	‘n Nuwe begin maak.

Copyright ©2020 eCUBE. All rights reserved. This content or any portion thereof may not be reproduced or used in any manner whatsoever without the express written permission of eCUBE.

‘n Uiltjie knip.	‘n Kort rukkie slap.
As die skoen pas, trek dit aan.	As iets op jou van toepassing is, moet jy maar die kritiek aanvaar.
Bo sy vuurmaakplek.	Meer as wat hy verstaan of kan doen.
Daar is ‘n slang in die gras.	Daar is gevaar of iets is nie reg nie.
Deur die blare.	Deurmekaar
Die appel val nie ver van die boom af nie.	Die kind is soos die ouer.
Die spyker op die kop slaan.	Iets reg het of net die regte ding sê.
Duim vashou	Hoop dat iemand suksesvol sal wees.
Eet met lang tande.	Hou nie van die kos nie.
Het die kata an die stert beet.	Iets verkeerd doen of verstaan.
Het lang vingers.	Steel
Hoog in die takke.	Dronk
Iets uit jou duim suig.	‘n Onware storie opmaak.
Jou sokkies optrek.	Harder moet werk of beter doen.
Kattekwaad	Stout dinge aanvang.
Maak iemand die hoenders in.	Maak iemand kwaad.
Nat agter die ore.	Jonk en onervare
Skop die emmer.	Gaan dood
Slaap soos ‘n klip.	Slaap baie vas.
Staan kop en skouers bo die ander uit.	Baie beter of langer as die ander.
Staan met ‘n bek vol tande.	Weet nie wat op te sê nie,
Sy oë is groter as sy maag.	Skep meer in as wat hy kan eet.
Voor op die wa wees.	Opdringerig

Copyright ©2020 eCUBE. All rights reserved. This content or any portion thereof may not be reproduced or used in any manner whatsoever without the express written permission of eCUBE.

EENHEID 3: SKRYFKUNS

LEERUITKOMSTE

Aan die einde van hierdie eenheid behoort jy:

- Met meer begrip te kan lees.
- Hoofgedagtes in ‘n leesstuk te kan identifiseer.
- Hoofgedagtes korter saam te vat.
- Die korrekte formaat vir ‘n brief aan die pers te gebruik.
- Die korrekte formaat vir ‘n kennisgewing aan ‘n koerant of tydsktif te gebruik.

Jy behoort min of meer 3 ure aan hierdie eenheid te spandeer

Copyright ©2020 eCUBE. All rights reserved. This content or any portion thereof may not be reproduced or used in any manner whatsoever without the express written permission of eCUBE.

1. OPSOMMING: RIGLYNE EN WENKE VIR OPSOMMINGS

1.1. Wat is ‘n opsomming?

- Dit is ‘n verkorte weergawe van die oorspronklike stuk. (It is a shortened version of the original text.)
- Dit is ‘n samevatting van die belangrikste feite van die stuk. (It is a conclusion of the most important facts of a text.)
- Jy haal m.a.w. die kerngedagte / hoofgedagte uit ‘n leesstuk. (You extract in other words the main idea from a text.)
- Jy voeg die hoofgedagtes saam en dra dit kort en duidelik oor. Jy kan nie sommer enige sinne bymekaar skryf en dit ‘n opsomming noem nie. (You combine these main ideas in a short and concise manner. You do NOT write down any sentences from the text as a summary.)
- Jou opsomming bevat al die belangrikste feite, gevolgtrekkings en gesigspunte. Dit bevat nie die redes, argumente, voorbeelde of motivering wat daartoe lei nie. (Your summary contains the most important facts, conclusions and viewpoints. It does not contain the reasons, arguments, examples or motivations that led to the facts.)

1.2. Hoe skryf mens ‘n opsomming?

- Lees eers die hele leestuk om ‘n algemene opvating te kry. (Read through the whole passage to get a general sense of the passage.)
- Onderstreep sleutelsinne. (Underline the key sentences.)
- Neem elke paragraaf en maak ‘n rowwe nota daarvan. (Make a rough copy of each paragraph.)
- Lees jou rowwe opsomming deur. Maak seker dit lees vlot en maak sin. (Read through your rough copy. Ensure that it reads easily and makes sense.)
- Kombineer jou notas in ‘n enkele paragraaf wat ongeveer ‘n derde van die oorspronklike woorde bevat / skryf dit puntsgewys neer. (Combine all your rough notes in one paragraph which contains about a third of the original vocabulary / write it down in point form.)

Copyright ©2020 eCUBE. All rights reserved. This content or any portion thereof may not be reproduced or used in any manner whatsoever without the express written permission of eCUBE.

- Kies ‘n gepaste opskrif vir jou opsomming. (Choose an appropriate heading for your summary.)

1.3. Hoe verkort ons?

- Ons soek eerstens die hoofgedagte. (We first of all look for the main idea.)
- Ons laat enige voorbeelde, onnodige beskrywende woorde, verklarings ens. uit. (We omit any examples, unnecessary descriptive words etc.)
- Ons kyk of daar nie frases of omskrywings is wat ons kan verkort nie. (We try to shorten phrases.)
- ‘n Saamgestelde sin kan in ‘n enkelvoudige sin omskep word. (We change a compound sentence to a simple sentence)
- Die instruksies sal baie duidelik wees – volg dit! (The instructions will be very clear – follow them!)
- Lees die leesstuk aandagtig / goed / deeglik deur. (Read the text well/indepth.)
- Soek x aantal wenke / verskille / voordele / hoofgedagtes/raad ens. (Look for x amount differences / advantages / main ideas/advice etc.)
- Skryf elke wenk / verskil / voordeel / hoofgedagte in ‘n goeie volsin neer. (Write each difference / advantage / main idea in a full sentence.)
- Skryf die sinne puntsgewys van nommer 1 tot x neer. (Write your sentences in bullet form from 1 to x.)
- Jou sinne moet sover as moontlik in jou eie woorde wees. (Your sentences must be written as far as possible in your own words.)
- Jou opsomming mag nie meer as x aantal woorde wees nie. (Your summary must not be longer than x amount of words.)
- Onthou om die aantal woorde aan die einde van die opsomming aan te dui. (Remember to write down the amount of words you have written at the end of the summary.)

Copyright ©2020 eCUBE. All rights reserved. This content or any portion thereof may not be reproduced or used in any manner whatsoever without the express written permission of eCUBE.

1.4. Wat moet ek onthou?

- In die eksamen moet jy die opsomming op EEN van twee maniere doen. Lees mooi wat hulle van jou vra: (In the exam you are required to do the summary in ONE of two ways:)
    - PUNTSGEWYS of (POINT FORM) or
    - PARAGRAAF (PARAGRAPH)

- Die opsomming tel 10 punte. (The summary counts for 10 marks.)

- Die woordperk is 100 woorde. (There is a limit of 100 words.)

- Lidwoorde tel nie. (Articles do not count.)

- Koppeltekenwoorde tel as twee woorde. (Hyphenated words count as 2 words).

- Spelling en leestekenfoute TEL NIE. (Spelling errors and punctuation errors DO NOT count.)

- Swak taal, bv. Woordorde foute word wel gepenaliseer. (Poor use of language for example incorrect word order will be penalised.)

- Jy sal vir die volgende gepenaliseer word. (You will be penalised for the following.):
    - Jy dui nie die getal woorde aan nie. (You do not indicate the amount of words.)
    - Jy skryf sinne uit die leesstuk neer. (You write down sentences from the passage.)
    - Jy gee nie die leesstuk ‘n opskrif nie – indien dit nie gespesifiseer word nie, gebruik die opskrif van die leeesstuk; NB: die opskrif word nie by jou getal woorde getel nie. (You do not give your summary a heading – if not specified, use the heading of the passage; NB: this is not added to your word count.)
    - Indien jy oor die getal woorde jok. (If you lie about the total of words you have written.)
    - Indien jy taalfoute maak. (If you make grammar mistakes.)
    - Getal woorde (Amount of words):
        - Jy kan 10 woorde meer of 10 woorde minder hê as wat aangedui is. (You may exceed the final amount of words with 10 or you may have 10 less than the indicated amount of words.)
        - Die lidwoorde “die” en “’n” word nie getel nie. (The words “die” en “’n” are not added.)

Copyright ©2020 eCUBE. All rights reserved. This content or any portion thereof may not be reproduced or used in any manner whatsoever without the express written permission of eCUBE.

Daar is dus verskillende maniere waarop ons ‘n skryfstuk kan verkort. (There is a number of ways in which to shorten a passage.)

- Een woord vir baie. (One word for many)
- Laat alle onnodige beskrywende woorde uit. (Omit all unnecessary describing words.)
- Verander ‘n frase in ‘n woord. (Change a phrase into a word.)
- Verander ‘n bysin in ‘n frase of woord. (Change a subordinate clause into a phrase or a word.)
- Maak twee sinne een. (Change two sentences into one.)
- Laat alle voorbeelde, motiverings of redes uit. (Omit all examples, motiovations and reasons.)
- Soek die kern of hoofgedagtes van elke paragraaf uit die leesstuk. (Look for the main idea of each paragraph.)

1.4.1. Voorbeeld 1

Lees die teks hieronder en maak ‘n opsomming van die SEWE vereistes wat Soli Philander aan ‘n goeie komediant stel.

- Jou opsomming moet in jou eie sinne (in volsinne) in puntsvorm aangebied word en mag nie uit meer as 90 woorde bestaan nie.
- Dit is nie nodig om vir die opsomming ‘n titel te gee nie.
- Dui die getal woorde wat jy vir die opsomming gebruik het, aan.

Grappe maak is harde werk

Dít is die somtotaal van Philander se raad vir deelnemers aan SBA Kaapse Son Jokes, wat as deel van die Suidoosterfees aangebied word.

Dié kompetisie vir aspirant-komediante het op Vrydag 1 Februarie 2008 met uitdunne begin en Philander het daarna die taak gehad om die bestes te kies.

“Dis harde werk om mense te laat lag, want jy moet die grap met jou hele wese vertel: met jou stemtoon, jou liggaamstaal . . .

“Dis ’n vaardigheid. En dis verskriklik as hulle nie lag nie en jy van jouself ’n krater maak.”

Philander was meer bekend as aanbieder van veral Liriekeraai. Maar hy is nie sommer enige aanbieder nie, want sy sonderlinge aanbiedingstyl neig soms na skerpskertsery.

“Ja, as jy ’n program aanbied, moet jy maklik kan skuif tussen ernstig wees en grappe maak.

Copyright ©2020 eCUBE. All rights reserved. This content or any portion thereof may not be reproduced or used in any manner whatsoever without the express written permission of eCUBE.

Grappe maak is harde werk (vervolg)

“Ek gebruik humor om die spanning te verlig. Dinge kan maklik lelik raak, maar met goeie humor ontlont jy gou-gou die situasie,” vertel hy.

Philander meen as jy ’n grap goed kan vertel, sal mense telkens daarvoor lag, al het hulle dit al hoeveel keer gehoor.

“Ek sê altyd ’n goeie grap is soos ’n goeie liedjie. ’n Mens kan oor en oor na ’n goeie liedjie luister en dieselfde geld vir ’n goeie grap,” deel hy ’n paar wyse woorde.

Hy glo ’n komediant moet krities wees en kommentaar lewer op dié dinge wat ons almal in gemeen het, “maar nooit afbrekend nie”.

Boonop moet die komediant altyd onthou dat hy in diens van die grap en sy gehoor staan. En soos hy sê, as jy ’n goeie komediant wil wees, “moet jy onbeskaamd jou ego laat gaan”.

[Aangepas uit: Die Burger, 18 Januarie 2008]

ANTWOORDE: Opsomming

1. Jy moet die grap met jou hele wese vertel.
2. Jy moet maklik tussen ernstig wees en grappe maak, kan skuif.
3. Jy moet humor gebruik om gespanne situasies te ontlont.
4. Plaas jou ego op die agtergrond.
5. Onthou dat jy in diens van die grap en jou gehoor staan.
6. Wees krities en lewer kommentaar op dié dinge wat ons almal in gemeen het.
7. Moet nooit afbrekend wees nie.

Copyright ©2020 eCUBE. All rights reserved. This content or any portion thereof may not be reproduced or used in any manner whatsoever without the express written permission of eCUBE.

1.4.2. Voorbeeld 2

Lees die onderstaande leesstuk noukeurig deur.

“Die luiperd! Kyk die luiperd! Daar! Op die klip daar onder!”

Jim het die woorde uitgeskiet, stikkend van opgewondenheid; en sowaar, daar was die luiperd. Die lang gevlekte liggaam was hurkend op die plat klip reg onder die bobbejane. Met ‘n wyd-oop bek het hy barbaars gegrom vir die aankomende lyn bobbejane en met sy geligte regterpoot het hy dreigende kappe in ons rigting gemaak. Sy linkerpoot het ‘n bobbejaan onder hom vasgepen.

Die stemme vanaf die berg het harder en nader geword soos die aankomende bobbejane al nader gekom het. Daar moes seker honderde gewees het; die semi-sirkel het dikker en swarter geword, meer dreigend, voetjie vir voetjie nader. Die luiperd het homself gelig en met vlugtige kyke na links en regs na die aankomende gevaar het hy moed verloor, en met een vinnige sprong vanaf die klippe in die bos verdwyn.

Daar was ‘n vinnige vorentoe geskarrel van die halfmaan, en die klip was gedek met blaffende bobbejane wat beskermend om hulle geredde kameraad plek ingeneem het. ‘n Paar minute later het die groep weer die skuinste opgevaar – saam met hulle die slagoffer van die luiperd. Al wat ek kon uitmaak was die beseerde bobbejaan wat aan albei voorpote deur twee ander die berg opgesleep is – baie soos ‘n kind die berg opgehelp sou word.

(Verwerk en vertaal uit Jock of the Bushveld – P. Fitzpatrick)

- Neem elke paragraaf, onderstreep en maak kort notas van elk.

Jim het eerste die luiperd gesien. Dit was hurkend op ‘n klip. Dit het ‘n bobbejaan vasgepen. Die luiperd het gegrom vir die aankomende lyn bobbejane.

Daar was honderde bobbejane. Hulle het kwaai geblaf. Hulle het stormend die berg afgekom. Hulle het al nader gekom. Die luiperd het moed verloor en in die bosse verdwyn.

Die bobbejane het hulle kameraad gered. Hulle het in die berg op gevlug. Die bobbejane het die beseerde bobbejaan saam met hulle geneem.

Copyright ©2020 eCUBE. All rights reserved. This content or any portion thereof may not be reproduced or used in any manner whatsoever without the express written permission of eCUBE.

- Kombineer die notas in een paragraaf.

Jim het eerste die hurkende luiperd op die klip gesien. Onder hom was ‘n bobbejaan vasgepen en hy het gegrom vir die aankomende bobbejane. Honderde van hulle het blaffend die berg afgekom. Soos hulle nader gekom het, het die luiperd moed verloor en met een sprong die bosse in verdwyn. Nadat die bobbejane hulle beseerde kameraad gered het, het hulle die beseerde tten die skuinste opgesleep.
(66 woorde)

- Kies ‘n gepaste opskrif.

Die luiperd en die bobbejane OF Bobbejane red kameraad

2. BRIEF AAN DIE PERS

‘n Brief word aan die pers geskryf om ’n standpunt in te neem of ’n grief te lug en dit is ‘n formele brief. Die volgende moet ingedagte hehou word wanneer jy ‘n brief aan die pers skryf:

- Wees altyd formeel en hoflik. Jy gaan niks bereik deur onhoflik op te tree nie.
- ‘n Briefskryfster wat die titel me. gebruik kan getroud of ongetroud wees; sy toon hierdeur aan dat haar huwelikstatus nie ter sake is nie. ‘n Man se huwelikstatus word nie deur sy titel aangewys nie, dus is die titel me. gelykstaande aan mnr.
- Gebruik in die afsluiting die woorde Die uwe.

2.1. Aanspreekvorme in Formele Briewe

- Indien die titel en van van die aangesprokene nie bekend is nie, spreek die persoon aan as Meneer / Geagte Meneer / Mnr. / Mnr / Dame / Me. / Me
- Indien die titel en van van die aangesprokene bekend is, spreek die persoon aan as Geagte meneer / mnr / mnr. Bekker.
- Die volgende titels gevolg deur die van, indien bekend, kan ook gebruik word: me / me.; mev / mev.; mej / mej.; dr / dr.; prof / prof.

Copyright ©2020 eCUBE. All rights reserved. This content or any portion thereof may not be reproduced or used in any manner whatsoever without the express written permission of eCUBE.

Voorbeeld:

Huis Herfsblare

Hoogstraat 14

Wellington

7654

20 Januarie 2018

Die Redakteur

Die Bolander

Posbus 321

Paarl

7640

Meneer

Wêreldsokkerbeker: Waar is ons woema?

Die FIFA-wêreldsokkerbeker skop oor minder as twee maande af – in ons eie Suid Afrika! Maar die media en ons mense bly skokkend negatief oor die groot gebeurtenis.

Pessimisme is ‘n aansteeklik siekte en met beveg word met ‘n goeie dosis positiewe denke. Ek stel voor dat ons almal ‘n paar bekende sportflieks kyk. Die tema is dikwels die ellende van ‘n speler of ‘n span wat geminag word, hoe die saak omswaai en hulle uiteindelik triomfeer. *Invictus* weerspieël ons eie situasie baie goed, maar *Bull Durham, Mean Machine* en *White Men Can’t Jump* is ook goeie voorbeelde. Natuurlik is die draaiboek altyd maar ‘n bietjie geromantiseer, maar dit wys wel hoe deursettingsvermoë, ‘n geloof in jou eie waarde en waarderende ondersteuners ‘n verloor- na ‘n wensituasie kan omkeer.

Ek woon in ‘n ouetehuis, maar het reeds vir my ‘n vuvuzela gekoop. Glo my, as Bafana Bafana opdraf, gaan ek my blêrbuis blaas.

Komaan, Suid Afrikaners, kom ons verander ons negatiewe houding en gee ons algehele ondersteuning aan Bafana Bafana. Hoe kan hierdie talentvolle jong manne alles in die stryd werp as niemand hulle ondersteun nie? Kom ons glo weer in ‘n droom – en wie weet, dalk oortref hulle ons verwagtinge!

Die uwe

L. Adendorff

Copyright ©2020 eCUBE. All rights reserved. This content or any portion thereof may not be reproduced or used in any manner whatsoever without the express written permission of eCUBE.

NB! Let op na die struktuur van die brief en die adresse wat moet verskyn.

Wenke:

- Die formaat van die brief moet korrek wees: adres van sender, datum, adres van ontvanger, aanhef, opskrif / doel, paragrawe, afsluiting.
- Die adres van die sender kom regs boaan in blokvorm.
- Daar word nie ’n reël tussen die poskode en die datum oopgelaat nie.
- Die datum word voluit geskryf: 2 Mei 2011
- ’n Reël word tussen die adres van die sender en die dag-, week- of maandblad oopgelaat.
- Die adres van die dag-, week- en maandblad word links in blokvorm geskryf.
- ’n Reël word tussen die adres van die ontvanger en die aanhef van die brief oopgelaat.
- Geen leestekens word in die adresse gebruik nie.
- Die brief aan die pers word altyd aan die redakteur gerig.
- Die doel van die brief word in hoofletters geskryf OF dit kan in kleinletters geskryf en dan onderstreep word. Dit moet die essensie van die brief saamvat.
- Sluit af met ‘n treffende slotparagraaf, soos in ‘n toespraak
- Die brief word afgesluit met “Die uwe”
- Geen leestekens word na “Die uwe “gebruik nie.
- Die brief sal net gepubliseer word as die sender se regte naam en volledige adres gegee word.
- Wanneer ’n skuilnaam gebruik word, word dit eerste aangebring en dan die sender se regte naam en handtekening.
- Let op die streep wat onder die skuilnaam getrek word.

3. KENNISGEWING/HULDEBLYK AAN ‘N KOERANT

- ‘n Huldeblyk is ‘n kennisgewing van ‘n persoon se dood, gewoonlik in ‘n koerant.
- ‘n Huldeblyk gee ‘n aanduiding van die persoon se aansien en belang in die samelewing.
- Dit gee biografiese besonderhede en ‘n kort verslag van sy/haar lewe. Dit evalueer ook die persoon se prestasies en invloed op die samelewing.

Copyright ©2020 eCUBE. All rights reserved. This content or any portion thereof may not be reproduced or used in any manner whatsoever without the express written permission of eCUBE.

‘n Huldeblyk bevat die geskiedenis en besonderhede van ‘n oorledene en is gewoonlik ‘n kennisgewing in die koerant, dus ‘n doodsberig. Belangrike gebeurtenisse uit die oorlede se lewe word ook oorgedra. Dit kan ook vir ‘n gedenkdiens van die oorledene geskryf word.

Wenke:

- ’n Huldeblyk kan ook die kennisgewing in ’n koerant wees – ’n doodsberig.
- Die volgende inligting word in die doodsberig gegee: Naam en van (nooiensvan in die geval van ’n getroude vrou), inligting oor die roudiens en teraardebestelling of verassing, gesinslede wat agtergelaat word. Waar nodig kan die persoon se bynaam ook gegee word.

3.1. Voorbeeld 1

Koos du Plessis: Die meester van die liriek

Koos is vereer vir sy bydrae tot die Afrikaanse musiek. En het hy dit nie verdien nie! Daar was net een Koos du Plessis. Hy was, en is, seker die beste liedjieskrywer wat nóg die gul klank van Afrikaans met musiek laat saamvloei het. ...

- Die volgende belangrike persoonlike besonderhede word in ’n huldeblyk gegee: Naam en van van die oorledene, adres, ouderdom, datum van afsterwe, plek waar die persoon oorlede is, oorsaak van dood, duur van siekte, name van gesinslede agtergelaat en gevolge van die dood.
- Prestasies/Hoogtepunte van opleiding en gemeenskapsbetrokkenheid word gegee.
- Gebeurtenisse en staaltjies oor die oorledene word gegee. Persoonlike herinneringe van familie en vriende kan ook gegee word. Die leser moet ’n duidelike beeld van die oorledene kan vorm.
- Vermy sentimentaliteit en eufemismes.
- Die familie kan ook vertroos word.
- Die taal, styl en register is formeel en moet by ’n huldeblyk pas.
- Dit moet kort en bondig wees.

Copyright ©2020 eCUBE. All rights reserved. This content or any portion thereof may not be reproduced or used in any manner whatsoever without the express written permission of eCUBE.

3.2. Voorbeeld 2

Visser onthou vir landskappe, naakstudies, durende invloed

KAAPSTAD

2009-09-08

Die skilder Jan Visser van Paternoster is Maandag in Kaapstad oorlede. Hy sou eerskomende Saterdag 76 jaar oud geword het.

Volgend die skilder Conrad Theys van Bellville het Visser inmekaargesak nadat hy op die strand gestap het. Hy het daarna ‘n operasie ondergaan om ‘n hartklep te vervang.

Theys en Visser was 30 jaar lank vriende. Hulle was lede ban die beweging wat in die tagtigerjare as die Kaapse Impressioniste bekend gestaan het.

Visser is in 1933 in Namibie gebore. Hy was in die regsberoep toe hy besluit het om heeltyds kunstenaar te word.

Die Argitek Hannes Meiring van Stellenbosch het oor sy vriend gesê: “Toe Jan as jong prokureur begin skilder het, het ek my hoed afgehaal dat hy die moed van sy oortuiging gevolg het. Jan was ‘n hardwerkende, eerlike mens en ‘n skilder van uitsonderlike gehalte.”

Visser het vroeër aan die Ruth Prowse-kunsskool klas gegee en wêreldwyd alleen en saam met ander uitgestal. Hy is veral bekend vir sy natuurtonele en naakstudies.

Copyright ©2020 eCUBE. All rights reserved. This content or any portion thereof may not be reproduced or used in any manner whatsoever without the express written permission of eCUBE.

EENHEID 4: LITERATUUR - GEDIGTE

LEERUITKOMSTE

Aan die einde van hierdie eenheid behoort jy …

- ’n Gedig in sy konteks te kan plaas.
- Beeldspraakvorme soos ‘n vergelyking en ‘n metafoor uit te ken.
- Stylfigure soos ‘n teenstelling en ironie uit te ken.
- Verbande tussen woorde en begrippe te kan lê.
- Insig in die dieper boodskap of tema van ‘n gedig te hê.
- Bindingselemente uit te ken.

Jy behoort 2 weke aan hierdie eenheid te bestee

Copyright ©2020 eCUBE. All rights reserved. This content or any portion thereof may not be reproduced or used in any manner whatsoever without the express written permission of eCUBE.

1. INLEIDING TO DIGKUNS EN LITERATUUR

1.1. Struktuur van gedigte

- Versreël: ‘n Gedig bestaan uit reëls. Een reël word ‘n versreël genoem, nie ‘n lyn nie.
- Strofe: ‘n Klomp versreëls wat ‘n eenheid vorm, word ‘n strofe of stanza genoem.
    - Koeplet: Dit is ‘n strofe wat uit twee versreëls bestaan.
    - Tersine: Dit is ‘n strofe wat uit drie versreëls bestaan.
    - Kwatryn: Dit is ‘n strofe wat uit vier versreëls bestaan.
    - Sestet: Dit is ‘n strofe wat uit ses versreëls bestaan.
    - Oktaaf: Dit is ‘n strofe wat uit agt versreëls bestaan.

1.2. Sonnet

‘n Sonnet is ‘n tipe gedig wat uit veertien (14) versreëls bestaan. Die woord sonnet is afgelei van die Latyn, sonare, wat beteken “om te klink”. Daar is twee tipes sonnette:

1.2.1. Italiaanse Sonnet

Hierdie tipe sonnet bestaan uit twee kwatryne wat ‘n oktaaf form en twee tersines wat ‘n sestet vorm.

1.2.1.1. Uiterlike Bou

Die Italiaanse sonnet bestaan uit veertien vyfvoetige jambiese versreëls.

Dit is opgebou uit twee kwatryne (4 reëls elk) en twee tersines (drie reëls elk.)

Die twee kwatryne saam vorm die oktaaf (2 x 4 = 8 reëls) en die twee tersines saam die sestet of sekstet (2 x 3 = 6 reëls).

Tussen die oktaaf en die sestet bestaan daar ‘n skeiding.

Die Italiaanse sonnet het ‘n vaste rymskema naamlik: abba abba (oktaaf) wat omarmde rym genoem word en cdc dcd (sestet). Daar bestaan egter talle variasies en afwykings op dié rymskema, veral in die sestet.

Copyright ©2020 eCUBE. All rights reserved. This content or any portion thereof may not be reproduced or used in any manner whatsoever without the express written permission of eCUBE.

1.2.1.2. Innerlike bou

In die oktaaf kry ons die uiteensetting. Dit kan die vorm aanneem van ‘n natuurbeeld, ‘n waarneming of gebeurtenis uit die alledaagse lewe wat sy hoogtepunt in die oktaaf bereik.

Hierna volg die wending (ook “volta” genoem). Die wending is die punt waar die toepassing, verklaring of verdieping intree, gewoonlik aan die begin van die sestet.

Die sonnet is dus ‘n ritmiese eenheid, ‘n onafgebroke lyn van gedagte, een stroom of golf van klank, melodie en gevoel.

1.2.2. Engelse Sonnet

Hierdie sonnet bestaan uit veertien (14) versreëls: Drie kwatryne en een koeplet.
Hierdie sonnet staan ook bekend as die Shakespeare sonnet.

1.2.2.1. Uiterlike bou

Die Engelse sonnet bestaan uit veertien vyfvoetige jambiese versreëls.
Daar is drie kwatryne (elk met twee verskillende rymklanke) en ‘n rymende eindkoeplet.
Die rymskema lyk soos volg: abab cdcd efef gg. Die sonnet het dus kruisrym in die kwatryne en paarrym in die koeplet.

1.2.2.2. Innerlike bou

Die hele gedig word een deurlopende gevoelstroom of gedagtegang wat geleidelik dwarsdeur die drie kwatryne loop, totdat dit ‘n hoogtepunt in die eindkoeplet, waarin die kerngedagte kragtig uitgedruk word, bereik.

Copyright ©2020 eCUBE. All rights reserved. This content or any portion thereof may not be reproduced or used in any manner whatsoever without the express written permission of eCUBE.

1.3. Soorte gedigte

Verhalende Gedigte	Ballade	‘n Verhalende gedig, met of sonder ‘n refrein.
	Epos of heldedig	‘n Verhalende gedig waarin heldedade of die lewens van gode breedvoerig bespreek word.
	Dramaties monoloog of alleenspraak	‘n Verhalende gedig waarin the spreker met himself of haarself in gesprek tree.
Liriese dedigte wat handel oor die digter se emosies	Sonnet	‘n Gedig met ‘n vaste vorm van 14 versreëls en die tipies is die Englse of Shakesperiaanse sonnet en die Italiaanse of Petrarcaanse sonnet.
	Ode of loflied	Dit is ‘n liriese lofdig oor ‘n spesifieke onderwerp, byvoorbeeld haat of die liefde.
	Elegie of klaaglied of lykdig of treursang of treurdig	Dit is ‘n gedig oor die dood van ‘n geliefde.
	Haikoe	‘n Liriese digvorm wat in Japan onstaan het en wat bestaan uit drie kort versreëls sonder rym. Reël 1 het vyf lettergrepe, reël 2 het sewe lettergrepe en reël 3 het 5 lettergrepe.
Ander digsoorte	Very vers	Daar word geen funksionele leesteken- en hoofletters gebruik nie. Daar is geen vaste rymskema nie. Versreëls en strofes het verskillende lengtes. Praatpoësie word gebruik.
	Blanko vers	Dit is ‘n gedig waar daar geen rymskema is nie.
	Limeriek	Hierdie is ‘n kort en grappige vers van vyf reels. Die rymskema is aabba.
	Parodie	Hierdie is ‘n gedig wat ‘n ander ernstige gedig naboots in ‘n grapperige manier.
	Hekeldig of spotdig	Hierdie is ‘n gedig waarin daar gespot word met die euwels van die samelewing.

Copyright ©2020 eCUBE. All rights reserved. This content or any portion thereof may not be reproduced or used in any manner whatsoever without the express written permission of eCUBE.

1.4. Eindrym

Daar is vyf tipes eindrym wat gebruik word:

- Paarrym aabbccdd…
- Kruisrym abab…
- Omarmende rym abba…
- Gebroke rym abcb…
- Vryevers abcde….

1.5. Die tema

Die tema is die dieper boodskap van 'n spesifieke verhaal of gedig. Die leser streef dus daarna om al die struktuurelemente van 'n verhaal na te gaan en dan te probeer vasstel hoe dit deur die skrywer ingespan is om aan sy tema gestalte te gee. Die tema behoort die samebindende faktor te wees wat alles in die werk tot 'n eenheid saamsnoer, want al die struktuurelemente en middele moet die tema ondersteun.

Die tema is nie gebind aan tyd, plek of karakters nie. Dit is ‘n universele boodskap wat op enige person van toepassing kan wees.

Die "boodskap", die lewensinsig wat uit die werk spreek, is ten nouste met die tema verweef. Dit is die dieperliggende, universele waarheid (d.w.s. dit is 'n waarheid wat op alle mense van alle tye van toepassing is) wat in die tema verskuil lê.

Die goeie skrywer sal dié boodskap of waarheid wat hy wil tuisbring, subtiel oordra sonder dat die leser die gevoel kry dat daar vir hom gepreek of uitgespel word. Die tema word selde in soveel woorde in 'n roman gevind alhoewel dit kan wel gebeur. Die leser moet dit self aflei uit die karakters se optrede en uit die gebeure.

1.6. Die verteller

Die skrywer kies 'n verteller om die verhaal aan die leser oor te dra. Die vertellersperspektief is belangrik vir die aanbieding van die verhaal en die karakters. Daar is verskillende moontlikhede waaruit die skrywer kan kies:

Copyright ©2020 eCUBE. All rights reserved. This content or any portion thereof may not be reproduced or used in any manner whatsoever without the express written permission of eCUBE.

1.6.1. Die eerstepersoonsverteller of ek-verteller

Die hoofkarakter of een van die newe-karakters vertel self die verhaal en die leser ervaar die gebeure vanuit sy of haar perspektief. Hierdie verteller het sekere beperkinge: Hy of sy weet byvoorbeeld net wat hy of sy self beleef het, wat iemand hom of haar vertel het, ens.

So 'n verteller word uitgeken deurdat die woordjie ‘ek’ deurgaans in die verhaal voorkom (moenie in dié verband na die dialoog of die direkte rede kyk nie).

1.6.2. Die derdepersoonsverteller

Dit word ook 'n alomteenwoordige of alwetende verteller genoem. Die verteller is nie deel van die verhaalruimte of -gebeure nie. Hy is alwetend en alomteenwoordig. Hy weet dus wat in die karakters se gedagtes omgaan, wat in hul verlede gebeur het, wat een karakter doen in Johannesburg en wat 'n ander een doen in Kaapstad. Die verteller kan dus nie alleen die gedagtes en diepste emosies van die karakters weergee nie, maar kan ook die gebeure ontleed en interpreteer.

1.7. Karakters

1.7.1. Soorte karakters

Die hoofkarakter is gewoonlik 'n ronde karakter d.w.s. iemand wat so volledig uitgebeeld word dat hy of sy tot volle mens, volwaardige persoonlikheid ontwikkel. So 'n ronde karakter sal goeie en slegte eienskappe openbaar en karakterontwikkeling ondergaan in die verhaal. Die plat karakters word gebruik om die verhaal volledig uit te beeld. Hulle is meestal tipes en mis gewoonlik diepte.

1.7.2. Karakterbeelding (karakteriseringstegnieke)

'n Goeie skrywer maak afwisselend van sekere tegnieke gebruik om sy karakters te laat lewe, om die karakters aan die leser bekend te stel en te openbaar. Karakteriseringstegnieke sluit in benaming, beskrywing, blokkarakterisering, vertelling, dialoog, gedagtespraak, handeling en wat een karakter van 'n ander sê.

Copyright ©2020 eCUBE. All rights reserved. This content or any portion thereof may not be reproduced or used in any manner whatsoever without the express written permission of eCUBE.

1.8. Gebeure of intrige

Die intrige van 'n roman bestaan uit drie komponente naamlik karakters, ruimte en gebeure. Die verhaalstruktuur bestaan dan uit wat met die mense gebeur en hoe hulle optree in 'n bepaalde tyd en ruimte.

1.9. Ruimte (plek/milieu)

Die gebeure moet op 'n sekere plek en teen 'n sekere agtergrond afspeel. Die karakters en wat met hulle gebeur word deur die skrywer in 'n bepaalde ruimte en omstandighede geplaas. Daar word onderskei tussen speelruimte en belangeruimte. Die speelruimte is die konkrete wêreld waarin die karakters beweeg en waarin die gebeure afspeel. Die belangeruimte is meer abstrak en het gewoonlik met die hoofkarakter te make. Dit lê op 'n dieper vlak en hou ook verband met die tema.

1.10. Tyd

Die gebeure in die meeste verhale of romans word in chronologiese volgorde aangebied. Dit is hoe tyd in die werklikheid beleef word, bv. van Maandag tot Vrydag. Soms word egter van terugflitse, vooruitflitse en/of tydspronge gebruik gemaak. Die skrywer kan die tydsverloop vertraag (dialoog/dramatiese tydsaanwending) of versnel (opsommend), hy kan etlike hoofstukke wy aan 'n belangrike gebeurtenis of hy kan 'n lang periode in die verhaal weer in enkele sinne of paragrawe opsom.

1.10.1. Vertelde tyd

Dit is die periode waaroor die die verhaal strek bv. 'n dag of een jaar of twaalf jaar.

1.10.2. Verteltyd

Dit is die tyd wat dit duur om die verhaal te vertel, m.a.w. die aantal bladsye van die boek.

1.11. Geïmpliseerde betekenis

Die titel van 'n verhaal kan bv. 'n geïmpliseerde betekenis hê. Dit hou verband met die letterlike en figuurlike betekenis van bv. 'n titel. Die titels van die verhale “Nag by die drif” en “‘n Bars loop deur die wasbak” moet albei letterlik en figuurlik verstaan word. Laasgenoemde is die geïmpliseerde betekenis.

Copyright ©2020 eCUBE. All rights reserved. This content or any portion thereof may not be reproduced or used in any manner whatsoever without the express written permission of eCUBE.

1.12. Leseridentifikasie

Die leser se identifikasie met die karakters en hul lotgevalle (om jou met iets of iemand te vereenselwig) is subjektief (baie persoonlik). In die mate wat die leser universele (algemeen-menslike) eienskappe van homself in die karakters en veral die hoofkarakters kan herken, sal hy hom met die karakter kan identifiseer.

1.13. Struktuurelemente van ‘n prosawerk

1.13.1. Karakters

'n Karakter moet menslike eienskappe hê en die leser moet homself kan identifiseer met ‘n bepaalde karakter. Maar al probeer die skrywer om ‘n werklikheidsituasie te handhaaf, selekteer hy slegs sekere feite wat nodig is om die karakter in sy ontwikkeling uit te beeld. Die toets vir geslaagde karakterbeelding is of ‘n werklike karakter wel so sou opgetree het onder soortgelyke omstandighede.

Karakters word tradisioneel in sogenaamde “ronde” (driedimensionele) en "plat” (tweedimensionele) karakters ingedeel. Die ronde karakters is die wat lewe, wat nie net goed of sleg is nie, maar ware mense met ‘n ten volle ontwikkelde innerlike diepte. Die plat karakters bly meestal tipes en mis die diepte van ware “menswees”. Hulle is voorspelbaar en sonder verrassende moontlikhede, ontwikkel min of niks en kan in enkele woorde geskets word.

Daar is verskillende tegnieke wat aangewend kan word om karakters tot stand te bring. Die eenvoudigste is benaming, waardeur ‘n tiperende of allegoriese naam aan ‘n karakter gegee word, bv. Van Bruggen se “Goor Dawid”, Leroux se “Henry von Eeden”.

Die skrywer kan ook ‘n karakter ‘n gewoontehandeling laat uitvoer om ‘n bepaalde karaktertrek te illustreer.

‘n Karakteriseringstegniek wat dikwels aangetref word, is die sogenaamde blokkarakterisering waardeur ‘n karakter se voorkoms, maniere en aard in besonderhede beskryf word. Die reaksie en beskrywings van ander karakters is ook ‘n tegniek wat dikwels aangewend word.

‘n Baie geslaagde tegniek van karakterisering is die aanwending van dialoog. Deur te luister na ‘n persoon se manier van praat kan baie van hom te wete gekom word.

Die skrywer kan gebruik maak van die gedagtestroomtegniek waardeur die gedagtes van die karakters vir die leser toeganklik gemaak word en as’t ware hardop uitgespreek word. Die bewussynstroomtegniek bring die karakter se diepste wese en intiemste gedagtes na vore.

Copyright ©2020 eCUBE. All rights reserved. This content or any portion thereof may not be reproduced or used in any manner whatsoever without the express written permission of eCUBE.

Die betekenisvolste manier om ‘n karakter aan te bied, is egter deur middel van handeling. Die reaksies van ‘n karakter op gebeure en sy eie handeling is die suiwerste aanduiding van sy ware aard.

1.13.2. Handeling (gebeure)

Een van die basiese aspekte van ‘n verhaal is dat daar met die karakters dinge gebeur; hulle handel en tree op. Handeling is een van die fundamentele elemente van ‘n vertelling. Dit hoef nie net uiterlik te wees nie, maar ook innerlik, in die persoon se gedagtes, drome, ens. Trouens, in baie verhale is daar weinig uiterlike handeling teenwoordig; alles draai om die innerlike worsteling van die karakter.

‘n Verhaal verskaf ‘n prentjie van die lewe in beweging, soos dit van oomblik na oomblik ontwikkel en verander. Dit impliseer noodwendig dat daar ‘n bepaalde aanvangsoomblik moet wees met progressie in die handeling, bewegende na ‘n ‘slotoomblik’.

’n Verhaal begin gewoonlik vanuit ‘n onstabiele situasie waarin die kiem van verdere ontwikkeling opgesluit lê. Die handeling is dan die logiese ontwikkeling vanaf die oorspronklike toestand. Die einde van die verhaal breek dikwels aan wanneer die situasie stabiliteit bereik. Daar kan verskeie metodes aangewend word om die onstabiele aanvangsituasie te skep. Gewoonlik word (1) teenstrydige elemente of karakterkonflik teenoor mekaar geplaas (2) of ‘n karakter kom in opposisie met ‘n mag van buite. (3) Die botsing kan selfs plaasvind tussen verskillende motiewe van dieselfde karakter, ens.

‘n Belangrike aspek van handeling in ‘n verhaal is dat dit nie net ‘n chronologiese weergawe van gebeure is nie. Daar moet 'n verband wees tussen die gebeure - een saak moet lei tot die volgende. Oorsaaklike verbande moet gelê word wat eenheid en betekenis verskaf en dinge wat nie verband hou nie, behoort weggelaat te word. Uit die lê van verbande word die intrige gebou.

1.13.3. Tyd

Handeling is beweging in die tyd van een punt na ‘n ander, van ‘n begin tot ‘n einde.

Die tradisionele manier waarop tydsverloop aangebied word is die chronologiese manier. Die handeling begin by ‘n bepaalde tydsmoment en verloop dan sonder versteuring deur ‘n verhaal tot by ‘n slot. Gedurende die twintigerjare het die tegniek van vooruitflitse, terugflitse, of verspringing egter begin ontwikkel waardeur die verhaal nie chronologies van punt A tot punt Z vertel is nie. ‘n Verhaal kan selfs vanaf die einde daarvan vertel word, of daar kan van die een oomblik na ‘n ander gespring word om sekere aspekte uit te lig.

Copyright ©2020 eCUBE. All rights reserved. This content or any portion thereof may not be reproduced or used in any manner whatsoever without the express written permission of eCUBE.

‘n Onderskeid wat dikwels getref word en verband hou met die vorige, is wat genoem word die vertelde tyd en die verteltyd. Die vertelde tyd is die tyd wat deur die handeling in die verhaal in beslag geneem word en waarvan vertel word, terwyl die tyd wat deur die vertelling self in beslag geneem word, die verteltyd is. Die verteltyd is dus in werklikheid die lengte van die boek, die aantal bladsye wat dit in beslag neem. Die verhouding tussen die verteltyd en vertelde tyd word dikwels die tempo van die vertelling genoem.

Die verhouding tussen die twee tydsaspekte kan ook gebruik word om te onderskei tussen dramatiese, liriese en epiese tydsverloop. As die tye mekaar dek, met ander woorde, parallel ontwikkel, is die tydsverhouding dramaties van aard. Die gebeure word dus aangebied soos dit verloop; dit is die handeling sélf wat vertel word. ‘n Liriese tydsverhouding word aangetref as daar geen tydsverloop binne die werk aangebied word nie.

Die tyd kom tot stilstand en slegs ‘n enkele toestand of oomblik word uitgebeeld. Sodra daar egter ‘n verskil plaasvind in die tot stand kom van die twee tye, soos in Kringe in ‘n Bos, word ‘n epiese tydsverhouding geskep. Vertragings- en versnellingstegnieke word aangewend.

1.13.4. Ruimte

Dit wat met die karakters gebeur, moet tog op ‘n sekere plek of plekke afspeel, en sonder so ‘n ruimte is geen verhaal moontlik nie. Die karakters en wat met hulle gebeur, word deur die skrywer in ‘n bepaalde plek en omstandighede geplaas. Ruimte sluit egter veel meer in as net ‘n bepaalde plek of ongekompliseerde omstandigheid. Die gebeure speel hul af in sekere omstandighede, teen ‘n bepaalde agtergrond. Die term “milieu” word dikwels hiervoor gebruik.

‘n Onderskeid wat wel dikwels getref word, is dié van ‘n speelruimte en ‘n belangeruimte. Die speelruimte is daardie milieu waarbinne die handeling afspeel, m.a.w. die konkrete wêreld van die verhaal. (‘n Belangeruimte kom tot stand wanneer die speelruimte binne ‘n groter wêreld geplaas word waarbinne die klein gebeure van die verhaal self afspeel.)

Die belangeruimte is dus die speelruimte plus alle ander ruimtes wat deur die verhaal aangeroer en opgeroep word bv. die ruimte van egskeiding of oorlog. ‘n Karakter kan dus net ‘n sekere ruimte self beleef (speelruimte), terwyl hy binne ‘n groter omvattender wêreldruimte verkeer, (belangeruimte) waarbinne hy uitgebeeld word en wat uiteindelik sin en betekenis aan sy optrede kan verleen. Eie, persoonlike belange en optrede binne ‘n ongenaakbare wêreld wat byvoorbeeld in ‘n oorlog vasgevang is, kan die bron vir hierdie ruimtelike gegewens wees.

Copyright ©2020 eCUBE. All rights reserved. This content or any portion thereof may not be reproduced or used in any manner whatsoever without the express written permission of eCUBE.

1.13.5. Vertellerperspektief

Dat elke verhaal ‘n verteller het, word algemeen aanvaar. Daar is verskillende indelings van vertellers, maar die volgende kan as die belangrikste gesien word:

- Die hoofkarakter vertel self sy verhaal (ek-verteller)
- ‘n Waarnemer, wat in 'n mindere of meerdere mate 'n deelnemer is aan die handeling, vertel die verhaal (ek-verteller).
- ‘n Waarnemer, wat nie deel van die handeling is nie, vertel fisies-objektief alles wat gebeur en gesê word (derdepersoonsverteller).
- ‘n Waarnemer, wat nie deel van die handeling is nie, vertel as alwetende nie net alles wat gebeur en gesê word nie, maar gee ook op alwetende wyse die gedagtes en diepste emosies van die karakters weer en ontleed en interpreteer alles wat gebeur (derdepersoonsverteller).

Met 'n eerstepersoonsvertelling is die karakter en die verteller identies met mekaar en die leser ervaar die gebeure deur die bewussyn en vanuit die perspektief van een van die karakters. Dit is kenmerkend van die eerstepersoonsvertelling dat die gebeure waarvan vertel word meestal reeds plaasgevind het - asof die verteller terugkyk op ‘n voltooide werklikheid.

Voordele wat die eerstepersoonsperspektief inhou, is hoofsaaklik geleë in die feit dat die indruk gelaat word dat die egtheid van gebeure oorgedra word. Die geloofwaardigheid en “varsheid” van die vertellershoek skep ‘n outentieke indruk by die leser, veral omdat so ‘n verteller alles in perspektief kan sien aangesien dit in die verlede plaasgevind het.

Nadele spruit uit die feit dat die verteller, as hy nie alwetend aangebied word nie, beperk is in wat hy kan vertel. Hy kan slegs vertel van wat hy self gesien en ervaar het. ‘n Verdere nadeel is dat spanning soms nie opgebou kan word nie. Gebeure wat die verteller se lewe bedreig, kan nie effektief gebruik word nie aangesien die verteller dit klaarblyklik moes oorleef het. Hierdie nadeel verval as die verteller nie ‘n hoofkarakter is nie, maar ‘n newe-karakter.

Die derdepersoonsverteller kan beskryf word as ‘n soort intellek voor wie die gebeure afspeel. Hy neem nie deel aan die handeling nie en is slegs ‘n waarnemer. Soos gesê, tree hy op hoofsaaklik twee maniere op, naamlik òf suiwer objektief, òf alwetend. Die eerste metode is baie effektief as die handeling primêr is, terwyl die tweede noodsaaklik is by karakterbou soos in 'n psigologiese vertelling. Die derdepersoonsperspektief verskaf aan die skrywer meer vryheid. Spanning kan bv. sterk geïntensiveer word.

Copyright ©2020 eCUBE. All rights reserved. This content or any portion thereof may not be reproduced or used in any manner whatsoever without the express written permission of eCUBE.

1.13.6. Tema

Dit is die grondgedagte waaromheen die verhaal plaasvind, bv. terrorisme, droogte, jaloesie, moord, die kleurvraagstuk, ens. Die tema kan enkelvoudig of verwikkeld wees. Dit is die deurdringende lewenswysheid wat in die verhaal vergestalt word. Die interessante of merkwaardige geval bly nie doel op sigself nie, maar word middel tot ‘n doel, naamlik. ‘n diepere lewensperspektief.

1.13.7. Leseridentifikasie

Leseridentifikasie is die herkenning deur die leser van algemeen-menslike eienskappe by die karakters; identifisering met die karakters en hul lotgevalle.

1.13.8. Boodskap/insig

Die moontlike boodskap of die lewensinsig wat die leser in die wêreld se beloop verkry.

1.13.9. Geïmpliseerde betekenis

Bv. letterlik, figuurlik, simbolies, allegories

1.13.10. Werklikheidsillusie

Die totstandkoming van ‘n verbeeldingswerklikheid wat, hoewel fiktief, ‘n illusie van die werklikheid nalaat.

1.13.11. Die bou

In die eksposisie of uiteensetting maak die toeskouer/leser kennis met die noodsaaklikste besonderhede van karakters, omstandighede, plek, ens. Sekere situasies word so teenoor mekaar gestel dat dit vir die gehoor/leser baie duidelik is dat ‘n botsing van magte of begeerte onvermydelik is.

In die motoriese moment word gebeure aan die gang gesit, m.a.w die oomblik in die drama wanneer die hele dramatiese handeling wat die kern van die stryd wat gaan volg, bevat, deur ‘n woord of daad in beweging gebring word.

In die verwikkeling word addisionele motiewe en gebeurtenisse bygebring om die voortgang ingewikkelder en spannender te maak. Hierdie nuwe faktore kan ander persone of magte wees wat nog nie vantevore aan die toeskouer bekend was nie, nuwe karaktereienskappe wat die reeds bekende persone opeens openbaar of ‘n nuwe wending wat ‘n onverwagte gebeurtenis in die spel meteens noodsaak.

Copyright ©2020 eCUBE. All rights reserved. This content or any portion thereof may not be reproduced or used in any manner whatsoever without the express written permission of eCUBE.

In die ontwikkeling blyk dit dat botsing tussen twee opponerende magte of standpunte onafwendbaar is. Die spanning word steeds verhoog deurdat die strydende partye nou met volle geweld hulle kragte teen mekaar slinger in ‘n verbete poging om ‘n beslissing af te dwing. Gebeurtenisse volg vinnig op mekaar sodat spanning behou kan word.

Die krisis ontstaan op daardie oomblik in die gang van gebeure wanneer al die drade vinnig na een punt saamloop. Vanweë teenstrydige opvattings volg ‘n uiterlike of innerlike botsing.

In die klimaks bereik die botsing en gevolglike spanning ‘n breekpunt. ‘n Oorwinning word behaal of ‘n keuse word gemaak. Hierdie is ook die deel in die spel waarop die toeskouers/lesers die hele tyd in spanning sit en wag het.

In die ontknoping neem die verhaal ‘n wending na die een of ander kant toe, met ‘n duidelike afname (oplossing) van die spanning. Gewoonlik word kort, emosionele reaksies op die klimaks geopenbaar en word die vrae van die leser beantwoord.

1.14. Beeldspraak

1.14.1. Metafoor

‘n Metafoor is ‘n vergelyking tussen twee goed of voorwerpe. Die twee voorwerpe moet iets in gemeen hê om effektief te wees.

Byvoorbeeld Die kaptein het sy bevele uitgebrul.

Die kaptein word vergelyk met ‘n leeu. Die faktor wat hulle in gemeen het, is ggresiwiteit of die harde klank.

1.14.2. Vergelyking

‘n Vergelyking is dieselfde as ‘n metafoor, behalwe dat die vergelyking gemaak word met die woorde ‘soos’ of ‘so’.

Byvoorbeeld

- Die kaptein het soos ‘n leeu gebrul.
- Sy is so mooi soos ‘n blom.

Copyright ©2020 eCUBE. All rights reserved. This content or any portion thereof may not be reproduced or used in any manner whatsoever without the express written permission of eCUBE.

1.14.3. Personifikasie

Personifikasie heg menslike kwaliteite aan voorwerpe of abstrakte idees.

Byvoorbeeld

- Die wolke het trane gestort oor die droogte - geteisterde aarde.
- Die arm van die stoel.

1.14.4. Apostroof

Die afkappingsteken of apostroof (**'**) is 'n leesteken wat gebruik word in sekere woorde se meervoude.

Dit word voor die **s** gebruik wanneer die enkelvoud eindig op 'n i, o, u of beklemtoonde a.

Byvoorbeeld

Meervoude waar die afkappingsteken gebruik word:

- karba's (klem is op die "a")
- sari's (Indiese uitrusting)
- foto's; disko's (eintlik "diskoteke")
- balju's; senu's

1.14.5. Alliterasie

Alliterasie is die herhaling van konsonante klanke aan die begin van woorde. Dit word oor die algemeen gebruik om beweging te beklemtoon.

Byvoorbeeld

- Bennie bons die bal.

Copyright ©2020 eCUBE. All rights reserved. This content or any portion thereof may not be reproduced or used in any manner whatsoever without the express written permission of eCUBE.

1.14.6. Assonansie

Assonansie is die herhaling van klinker klanke. Kort klanke mag die emosie van spoed, blydskap of afwagting beklemtoon. Lank klinker klanke klink stadiger en word aangewend om die gevoel te versag.

Byvoorbeeld

- Klein klippies klits op die kluite.

1.14.7. Klanknabootsing of Onomatopee

Woorde word aangewend om regte klanke en aksies uit te beeld.

Byvoorbeeld

- Die klik-klak van die perde se hoewe.

1.14.8. Teenstelling

Hierdie verwys na ‘n teenstelling in ‘n sin, paragraaf of skryfstuk - 'n teenstelling van gedagtes wat langs mekaar geplaas word.

Byvoorbeeld

- Hoe meer haas, hoe minder spoed.

1.14.9. Oksimoron

Twee kontrasterende woorde word direk na mekaar gebruik.

Byvoorbeeld

- Dit was ‘n pynvolle geluk vir hom.

1.14.10. Ironie

Ironie impliseer die teenoorgestelde van wat gesê word. Die intensie hiervan is dat die teenoorgestelde verstaan word.

- Sarkasme: Hierdie is ‘n vorm van ironie wat gebruik word om te vernerder, seer te maak of te beledig.

Copyright ©2020 eCUBE. All rights reserved. This content or any portion thereof may not be reproduced or used in any manner whatsoever without the express written permission of eCUBE.

Byvoorbeeld

- Ek kan nie wag vir Vrydag se detensie nie.

- Dramatiese Ironie: Hierdie word gebruik in ‘n verhoogstuk waar die aanskouers weet van ‘n gebeurtenis of feit waaroor die akteurs heeltemal onbewus is. Die gebruik hiervan veroorsaak spanning en verwagting.

1.14.11. Satire/Spotskrif

Satire is ‘n skerp wysheid, ironie of sarkasme wat aangewend word om menslike, sosiale of politiese swakhede of dwaasheid uit te beeld of te spot. Hierdie word gebruik om ‘n ernstige problem ligtelik uit te beeld.

1.14.12. Hiperbool/Oordrywing

‘n Hiperbool is ‘n oordrywing wat nie letterlik opgeneem moet word nie en wat gebruik word om ‘n punt te beklemtoon.

Byvoorbeeld

- Ons het honderde onderbrekings gehad tydens die program.

1.14.13. Eufemisme/Verbloeming

‘n Eufemisme beeld ‘n ongemaklike of slegte toestand in ‘n versagtende of taktvolle manier uit.

Byvoorbeeld

- ‘Hy het sag heen gegaan’, in plaas van ‘Hy is dood.’

1.14.14. Klimaks

‘n Klimaks is ‘n opbou van idees, wanneer spanning en opgewondenheid in ‘n boek, toneelstuk of gedig ‘n hoogtepunt bereik.

Byvoorbeeld

- Ek het gesien, ek het gestaar, ek het geskreeu.

Copyright ©2020 eCUBE. All rights reserved. This content or any portion thereof may not be reproduced or used in any manner whatsoever without the express written permission of eCUBE.

1.14.15. Woordspeling

Woordspeling is ‘n slim speling van woorde met ‘n dubbele betekenis. Dit word gewoonlik gebruik in opskrifte, grappe, strokiesprente en raaisels.

1.14.16. Retoriese Vraag

‘n Retories vraag verlang nie ‘n antwoord nie. Die spreker gebruik dit om ‘n punt te maak of om ‘n feit te beklemtoon.

Byvoorbeeld

- Wat is die doel van die lewe?

1.14.17. Metonimia

Twee naverwante sake waar die een genoem word, maar die ander word gesuggereer.

Byvoorbeeld

- Ek lees Matthee (die boek word bedoel).

WOORDELYS

Poëtiese term	Definisie
Tema	Die hoofgedagte in ‘n literêre teks/gedig.
Styl	Die manier waarop ‘n teks geskryf is. Dit word bepaal deur die digter se woordkeuse, gebruik van stylfigure en sinsbou.
Toon	Die gevoel wat ‘n literêre teks spreek. ‘n Gedig kan byvoorbeeld hartseer, vrolik of sarkasties wees. Die toon sal gewoonlik afhang van die woordkeuse.
Struktuur	Staan ook bekend as die vorm. Dit verwys na die manier waarop ‘n literêre teks georganiseer word.

Copyright ©2020 eCUBE. All rights reserved. This content or any portion thereof may not be reproduced or used in any manner whatsoever without the express written permission of eCUBE.

Simboliek	Verwys na ‘n simbool wat iets abstrak voorstel. Dit kan gesien word as byvoorbeeld ‘n hart (fisieke objek) wat liefde (iets abstrak) voorstel.
Onomatopee	Verwys na woorde wat die klanke van ‘n geluid weergee. Byvoorbeeld; sis, miaau, doef.
Cliché	‘n Beeld of uitdrukking wat deur herhaalde gebruik sy oorspronklikheid verloor het.
Paradoks	‘n Uitspraak wat op die oog af teenstrydig is, maar wanneer jy dit noukeurig ondersoek ‘n dieperliggende waarheid bevat. Byvoorbeeld; sterf om te leef.
Satire	Die gebruik van spot en kleinering met die doel om iets of iemand se foute te ontmasker.
Die spreker	Die spreker is nie die digter wie se naam bo-aan die gedig staan nie. Vra jouself; Wie is die spreker? Wie praat in hierdie gedig? Die spreker verwys na die stem van die gedig. Die persoon wie se gevoelens en oortuigings deur die gedig deurgegee word, is die spreker.
Die aangesprokene	Vra jouself; met wie praat die spreker? Die aangesprokene is die persoon vir wie die gedig bedoel is – die persoon wie die gedig moet aanhoor.
Progressie	Dit verwys na die ontwikkeling van ‘n gedig.
Titel	Vra jouself of die gedig ‘n letterlike of figuurlike betekenis het. Die titel verskaf ook dieper insig in die tema en boodskap van die gedig.
Atmosfeer	Die gevoel wat die leser kry as hy die gedig lees, bv. Harseer, gelukkig, ernstig.
Beeldspraak	As ‘n prentjie of beeld gebruik word om iets anders baie beter te verduidelik.
Beklemtoning	‘n Belangrike woord kan op verskillende maniere beklemtoon word om die leser se aandag daarop te vestig, bv. Deur alleenplasing.
Elisie	Wanneer ‘n klank of klanke uit ‘n woord weggelaat word, bv. Hy’t in plaas van Hy het.
Enjambement	Een versreël gaan oor in ‘n volgende sonder enige leestekens.
Geïmpliseerde taal	Wanneer iets nie direk gesê word nie, maar die leser moet sy eie afleidings maak.
Herhaling of Iteratief	Dieselfde woorde of idee wor oor en oor in dieselfde gedig herhaal.

Copyright ©2020 eCUBE. All rights reserved. This content or any portion thereof may not be reproduced or used in any manner whatsoever without the express written permission of eCUBE.

Inkeping	‘n Versreël staan verder van die kantlyn as ander versreëls in die gedig.
Intertekstualiteit	Die gedig verwys direk of indirek na ‘n ander skryfstuk.
Inversie of omgekeerde woordorde	Die woordorde van die gedig is doelbewus verander om te beklemtoon.
Ironie	Die teenoorgestelde van wat verwag word, gebeur.
Kontras of Antitese	Twee dinge met die teenoorgestelde betekenis of eienskappe staan teenoor mekaar.
Denotatiewe betekenis	Dit wat daat geskryf is, word bedoel met geen verskuilde betekenis nie.
Liriek	Die woorde in die gedig is eintlik die woorde van ‘n liedjie wat gesing moet word.
Mite	‘n Verhaal wat nie op die waarheid gebaseer is nie.
Parentese	Addisionele inligting word gegee deur die gebruik van ‘n inlassin.
Polisindeton	Woorde of dele van sinne word elke keer met “en” verbind om al die verskillende sake te beklemtoon.
Refrein	‘n Deel wat herhaal word om ‘n ritme te skep.
Retoriese vraag	‘n Vraag waarop die antwoord nie verwag word nie of die spreker beantwoord dit self.
Ritme	Die tempo waarteen die gedig gelees word.
Sarkasme	Om op ‘n skerp, bytende manier met iemand te spot.
Sinekdogee	Iets word onthou of opgeroep deur slegs ‘n deel daarvan te noem.
Sinestesie	Die prikkel bedoel vir een sintuig word deur ‘n ander sintuig waargeneem.
Sinsnede	‘n Deel van ‘n sin.
Tipografie	Die uiterlike bou van ‘n gedig. Hoe die gedig saamgestel is.
Toutologie	Opstapeling van woorde met dieselfde betekenis.
Wending	Die inhoud van die literêre werk verander skielik.

Copyright ©2020 eCUBE. All rights reserved. This content or any portion thereof may not be reproduced or used in any manner whatsoever without the express written permission of eCUBE.

2. RONDOM MY – DAWIE DE JAGER

1. Ek wil my tyd vat hierdie keer
2. ek moet my tyd vat hierdie keer
3. want die haastigheid in my
4. het my al veels te veel keer
5. ondergekry
6. my ondergekry.

7. Ek wil my tyd vat hierdie keer
8. ek moet my tyd vat hierdie keer
9. Ek sien die blou in jou deur die bietjie in jou oë.
10. Ek weet daar is dinge wat jou ook nog pla
11. dinge wat jou terughou.
12. Kom wys my wie jy is en wie jy graag wil wees.
13. Kom wees net jy, kom wees net jy.

14. As jy wil tyd vat hierdie keer
15. kom vat 'n rukkie hier by my
16. As jy wil tyd vat
17. kom wees hier rondom my
18. kom wees hier rondom my
19. net as jy wil…
20. net as jy wil.

Woordverklarings

- Rondom my – aan alle kante van my, naby, wat omring/around me
- Haastigheid – eienskap om haastig te wees, spoed, ongeduld/hastiness
- Ondergekry – word te veel vir my; oorweldig, laat misluk /overpowered
- Pla – dinge waaroor jy bekommerd is, hinder/worry
- Terughou – keer/holds you back
- Veel te veels- heeltemal te veel, ver te baie/ far too much
- Blou – Verwys na die kleur en ook na hartseer of verlange
- Rukkie – kort tydjie / little while
- Tyd vat – nie te haastig wees nie / take time

Copyright ©2020 eCUBE. All rights reserved. This content or any portion thereof may not be reproduced or used in any manner whatsoever without the express written permission of eCUBE.

2.1. Tema

Die sentrale tema van die gedig is liefde.
Die spreker wil die middelpunt van sy geliefde se bestaan wees. Ons (die lesers) kry die idee dat die twee geliefde deur ‘n moeilike tyd gegaan het. Die gedig is ‘n bewys dat die spreker bereid is om hulle liefde weer ‘n kans te gee. Hy wil sy geliefde “rondom” hom hê – nie net “langs” hom of “naby” hom nie.

2.2. Titel

Die titel is ongewoon, want as ons praat van iemand praat ons van iemand “langs my” of “by my”. “Rondom” dui dat geliefde aan alle kante van die spreker moet wees – voor , agter, by en langs hom.
Die spreker wil die middelpunt van geliefde se bestaan wees en die spreker vra dat sy geliefde in sy teenwoordigheid moet wees.

2.3. Ontleding van die gedig

- Strofe 1

1 Ek wil my tyd vat hierdie keer

2 ek moet my tyd vat hierdie keer
Die spreker dui vir ons aan dat daar vorige verhoudings was deur gebruik te maak van die woorde “hierdie keer”.
“my tyd vat hierdie keer” word herhaal en daarom kan ons ook sien dat die spreker hierdie keer ernstig is oor die verhouding. Hy moet sy tyd vat sodat hy nie misluk nie. Hy gebruik ook die hulwerkwoorde “wil” en “moet” om hierdie aspek van die verhouding sterk na vore te bring. Dit dui ook aan dat dat versreël twee dringender is as die eerste. Die ee-assonansie en die v-alliterasie in hierdie strofe word gebruik om die woorde te beklemtoon en dit ritmies te maak.

3 want die haastigheid in my

4 het my al veels te veel keer

5 ondergekry

6 my ondergekry.

“want” – Die spreker verduidelik hoekom hy dinge stadig moet vat. Hy gee ‘n rede hoekom hy dinge stadig moet vat. Die fokus is hier op die spreker.

Copyright ©2020 eCUBE. All rights reserved. This content or any portion thereof may not be reproduced or used in any manner whatsoever without the express written permission of eCUBE.

Vorige kere was hy te oorhaastig en dit het dinge/verhoudings opgemors. Hierdie is dus die rede waarom hy dinge hierdie keer stadiger moet vat.
Veels te veel keer – assonansie
Ondergekry – Hierdie herhaling in versreël 6 dien as ‘n beklemtoning
Ondergekry – alleenplasing – beklemtoning (versreël 5)
Die enjambement in strofe 1 laat die gedig vloei.

- Strofe 2

7 Ek wil my tyd vat hierdie keer
8 ek moet my tyd vat hierdie keer.

Hierdie is ‘n herhaling van strofe 1 wat eenheid in die gedig meebring deur aan te sluit aan by strofe 1. Dit is ‘n tipiese kenmerk van ‘n liriek.
Weereens beklemtoon hy dat hy dinge stadig wil neem. Hy wil nie oorhaastig wees nie.
Die herhaling van “ek” maak die spreker sentraal in hierdie strofe.
Assonansie word gebruik in versreëls 9 tot 11: -ou-. Die fokus verskuif hier na die aangesprokene.

9 Ek sien die blou in jou deur die bietjie in jou oë.

10 Ek weet daar is dinge wat jou ook nog pla

11 dinge wat jou terughou.

Die kleur “blou” het hier ‘n dubbele betekenis en dit word gebruik as ‘n metafoor. Dit kan ook as ‘n geïmpliseerde betekenis beskou word:

- Die blou kleur van haar oë;
- “blou” dui op negatiewe dinge en neerslagtigheid (Having the blues. “blues”- hartseer, ongelukkig, heimwee)

Dit mag daarop sinspeel dat sy nog nie gereed is vir ‘n verhouding nie.
Dit mag ook aanduidings wees dat sy ook moontlik uit ‘n gebroke verhouding kom en dit nog moet verwerk.

- Strofe 3

12. Kom wys my wie jy is en wie jy graag wil wees.
13. Kom wees net jy, kom wees net jy.
14. As jy wil tyd vat hierdie keer
15. kom vat ’n rukkie hier by my

Copyright ©2020 eCUBE. All rights reserved. This content or any portion thereof may not be reproduced or used in any manner whatsoever without the express written permission of eCUBE.

“wie jy is..” Die spreker wil hê dat die aangesprokene moet net haarself wees by hom. Hy wil haar nie forseer om iets te doen waarvoor sy nie reg is nie.
Hy laat die aangesprokene weet dat as sy reg is vir ‘n verhouding, om “tyd [te] vat hierdie keer”, dan moet sy hom nog ‘n kans gee.

16. As jy wil tyd vat
17. kom wees hier rondom my
18. kom wees hier rondom my
19. net as jy wil…
20. net as jy wil.

Die spreker nooi die aangesprokene (sy geliefde) uit om “rondom” hom te wees. Hierdie sluit aan by die titel: Ons moet die verhouding rustig aanpak, maar wees by my. Hy wil haar graag naby hom hê omdat hy baie mal is oor haar. Ten spyte van die feit dat hy haar “rondom” hom wil hê, is dit ook belangrik om te onthou dat die vorige verhouding nie goed uit gewerk het nie. Daarom moet die twee geliefdes hulle tyd neem om hulle verhouding te laat werk.

Versreëls 19 en 20 is ‘n Ellips: Sy moet nadink of sy hom wil hê. Dit dui daarop aan dat woorde weggelaat is en dit gee die leser die geleentheid om die woorde in te vul of om die idee te voltooi.

Die w-alliterasie in hierdie strofe skep ‘n ritme in die vers.
Die word “tyd” word in al drie strofes gebruik.

Versreëls 17 en 18 sluit aan by die titel van die gedig en dien om ‘n eenheid te skep. Die laaste twee versreëls dui aan dat die spreker nie die aangesprokene wild wing nie en die herhaling in hierdie twee versreëls versterk hierdie boodskap aan die aangesprokene.

Hierdie strofe verskuif die fokus heeltemal na die aangesprokene.

Copyright ©2020 eCUBE. All rights reserved. This content or any portion thereof may not be reproduced or used in any manner whatsoever without the express written permission of eCUBE.

Agtergrond tot die gedig

Hierdie gedig is ‘n LIRIEK. Dit is die woorde van ‘n lied en is bedoel om gesing te word. Die digter “sing” dus hoe hy voel.

In ‘n liriek kry ons dikwels ‘n ek-spreker wat sy emosies beskryf en vertel hoe hy voel. Daar is baie herhaling in die liriek, omdat sekere woorde beklemtoon moet word. In hierdie gedig word die herhaling gebruik om te beklemtoon dat die ek-spreker sy tyd wil neem en die verhouding rustig wil vat.

In hierdie gedig sê die ek-spreker dat iemand rondom (around) hom moet wees. Die persoon moet in sy teenwoordigheid (presence) wees.

Die titel verwys na wat die spreker vir sy geliefde wil sê: Ons moet die verhouding rustig aanpak, maar jy moet naby my wees.

Hierdie gedig is ‘n liedjie van die groep Klopjag waarvan die digter ‘n lid is. Die gedig word gesing op die groep se CD *Musiek vir die agtergrond*. Die spreker sê vir sy geliefde dat hy hierdie keer nie haastig wil wees nie, omdat hy in die verlede haastig was, het dinge nie uitgewerk soos wat hy dit graag sou wou gehad het nie.

Hy is daarvan bewus dat sy geliefde ook nog tyd nodig het, want hy sien dit in haar oë. Daarom sê hy as sy in hierdie verhouding tyd wil hê, moet sy net naby hom bly.

2.4. Opsomming van die gedig

Die spreker wil nie haastig wees met sy huidige verhouding nie. Die leser kry dus die idee dat hy in die verlede vorige verhoudings (en dalk ander sake) opgemors het omdat hy oorhaastig was. Dit is ook goed vir die spreker se geliefde indien hy die verhouding stadig vat, want hy weet daar is dinge wat sy ook nog moet uitsorteer. Indien sy dieselfde as hy voel, nooi hy haar uit om “rondom” hom te wees.

Herhaling is belangrik in lirieke. Drie belangrike funksies van herhaling is dat dit ritme gee aan die vers, samehang skep en belangrike temas beklemtoon.

2.5. Uiterlike bou van die gedig

Die gedig is in vrye vers geskryf. Die drie strofes is min of meer ewe lank, maar daar is geen vaste strofebu of rymvorm nie. Die digter gebruik herhaling om eenheid in die gedig te skep. Die gereelde herhaling of iteratief van woorde, sinsdele en hele versreëls is tipies van lirieke. Dit dra by tot die ritme van die gedig, dit skep eenheid en samehang em dit bind en beklemtoon idees.

Copyright ©2020 eCUBE. All rights reserved. This content or any portion thereof may not be reproduced or used in any manner whatsoever without the express written permission of eCUBE.

2.6. Stemming en toon

Die stemming in die gedig verander van ‘n negatiewe en selfbejammerende toon in strofe 1 na ‘n vasberade toon in strofe 2 en ‘n oorredende toon in strofe 3.

2.7. Punktuasie

Daar word min leestekens in die gedig gebruik. Die gebrek aan punktuasie is tipies van ‘n liriek. Punte aan die einde van sinne word gebruik, een komma in versreël 13 en een ellips in versreël 19. Die feit dat elke strofe met ‘n hoofletter begin en eindig met ‘n punt dui daarop aan dat elke strofe ‘n onafhanklike eenheid is. Al drie strofes dra gesamentlik by tot die boodskap van die gedig.

3. PALIMPSES – JOHANN DE LANGE

Bome skryf teen die blou
kreukellose lug dinge
wat niemand verstaan nie.
Houtkappers kom met byle
en vel die bome.
Meulens saag en maal
en pulp en plet die hout.
Stil is die bome;

Stil, net tot hy kletterend
met sy tikmasjien
uit selfs die fynste grein
die hele gamma van woord
en pyn ring op ring
deur hierdie oggend laat dein.

Copyright ©2020 eCUBE. All rights reserved. This content or any portion thereof may not be reproduced or used in any manner whatsoever without the express written permission of eCUBE.

Woordverklarings

- kreukellose – sonder enige kreukels (creased). Oop, blou lug.
- houtkappers- mense wat bome afkap vir eie gewin of as werk
- vel – om bome af te kap
- meulens – plekke waarheen die afgekapte bome geneem word om omskep te word. Fabrieke en masjiene.
- plet – die boomstompe word platgedruk en planke word gevorm. Maak plat.
- pulp – die platgedrukte bome word dan fyn gemaal.
- kletterend – botsende klank (crashing sound). Kort, skerp herhaalde geluide.
- tikmasjien – instrument wat mense voorheen gebruik het om te “skryf” – die voorganger van die rekenaar.
- grein – verwys hier na die gehalte van die papier waarop gewerk word. Die ruwe oppervlak van hout op die papier. Die draad van die hout of die natuurlike patron in die hout.
- gamma – derde letter van die Griekse alfabet, maar hier dui dit op al die letters van die alfabet. Ook ‘n volledige musiek toonleer.
- dein – om te skep / om op blad te sit - kan ook dui op die beweging van die papier in die tikmasjien. Soos ‘n golf beweeg.
- Byle – greerdskap wat gebruik word om bome af te kap.

3.1. Tema van die gedig

Die tema van die gedig is herwinning en nuwe lewe. Dit handel oor vernietiging en herskepping. Die gedig wil jou laat nadink oor die proses van papier maak. Het jy al ooit besef dat al jou boeke, handboeke, skryfbehoeftes en notas van bome af kom? Die bome, wat stil is en nie kan praat nie, verander van vorm en verskaf vir mense (soos digters of skrywers) iets om hulle woord op deur te gee. Ons kan dus sê dat enige iets moet ontwikkel of van vorm verander voordat dit ‘n doel bereik. Dus, die skeppende krag van poësie verwoord dit wat voorheen onverstaanbaar was.

3.2. Titel

Die titel word stam af van ‘n ou Griekse word. Palimpses staan ook bekend as ‘n perkamentrol of ‘n manuskrip. Dit wat oorspronklik daarop geskryf is, is afgekrap sodat ‘n mens weer daarop kan skryf. Die Griekse woord, *palimpsestos*, beteken letterlik: “iets wat skoon gevryf is” – Die skryfwerk op palimpses reaktiveer dus daardie ou betekenisse van die woorde uit die oorspronklike teks. Palimpses verwys ook na iets wat hergebruik of verander is, maar nog steeds signare tekens vas y vroeëre vorm wys. Hierdie betekenis sluit aan by die bome se skrif wat onsigbaar is wanneer dit af gekap word en verwerk word tot paper. Die digter skryf dan later op die papier en vertel die bome se verhaal. Die titel is dus gepas vir die gedig.

Copyright ©2020 eCUBE. All rights reserved. This content or any portion thereof may not be reproduced or used in any manner whatsoever without the express written permission of eCUBE.

3.3. Ontleding van die gedig

- Strofe 1

1. Bome skryf teen die blou

2. kreukellose lug dinge

3. wat niemand verstaan nie

Bome strek hoog in die lug en lyk soos iemand wat iets skryf.

Kreukellose lug dui moontlik daarop dat daar geen wolke is nie.

Ons as mens kan nie verstaan wat die bome skryf teen die lug skryf nie. Personifikasie word gebruik met “Bome skryf”. Die gebruik van personifikasie beeld die bome uit as skeppende wesens.

4. Houtkappers kom met byle

5. en vel die bome.

Houtkappers kap die bome af. Hierdie vernietiging vorm ‘n teenstelling met die skeppende proses in versreël 1.

6. Meulens saag en maal

7. en pulp en plet die hout

Die hout word na die meule vervoer waar dit dan verwerk word. Die meganiese proses wat herhaaldelik in die meulens plaasvind word uitgebeeld deur die assonansie “saag en maal” en die alliterasie in “pulp en plet”. Die herhaling van die voegwoord “en” help om die idee te versterk.

8. Stil is die bome

Die bome is afgekap en is basies dood. Hierdie is ‘n voorbeeld van Eufemisme. Die stil, dooie bome vorm ‘n teenstelling met die skrywende en lewende bome in versreël 1.

Die bome se stilte word op vyf maniere beklemtoon:

- Deur inversie in versreël 8 waar “stil” aan die begin van die versreël is en die kommapunt aan die einde wat ‘n pose aandui.

Copyright ©2020 eCUBE. All rights reserved. This content or any portion thereof may not be reproduced or used in any manner whatsoever without the express written permission of eCUBE.

- Die tipografiese wit tussen die twee strofes.
- Deur die herhaling van “stil”.
- Strofe 2

9. Stil, net tot hy kletterend

10. met sy tikmasjien

Alles is dood tot wanneer die digter gedigte skep op sy tikmasjien en die papier gebruik wat van die bome gemaak is. Die word “kletterend” wat die geluid van die tikmasjien beskryf is klanknabootsing. Dit vorm ‘n teensteling met die stilte van die bome. Die klanknabootsing word versterk deur die alliterasie wat gebruik word: “…net tot hy kletterend / met sy tikmasjien”.

11. uit selfs die fynste grein

Dui op die gehalte van die papier wat uit die hout geskep is.

12. die hele gamma van word

Die hele alfabet daarop kan uittik, want sy gedigte bevat al die letters van die alfabet.

13. en pyn ring op ring

14. deur hierdie oggend laat dein

Die hele skeppingsproses is vir die digter ‘n pynlike ervaring. Die “ring” kan dui op die jaarringe wat dui op ouderdom of dalk die geluid van die tikmasjien soos die digter sy gedigte skep. Dit gebeur in die oggend.

Die woord dein dui ook op die papier wat op en af in die tikmasjien beweeg.

Die enjambement tussen al die versreëls in strofe 2, sluit aan by die vloeinde and skeppende skryfproses wat plaasvind.

Die fokus verskuif in strofe 2 na “hy”, die digter.

Die digter se skryfproses word met ‘n dubelle metafoor beskryf: Sy digterlike woorde en pyn “dein” soos golwende water en hy stel sy woorde en pyn soos gelyk aan “die hele gamma”.

Die herhaling “ring op ring” plaas klem op die jaarringe waaring bome se ouderdom bereken word.

“oggend” het ‘n positiewe konnotasie omdat dit dui op ‘n nuwe dag of ‘n nuwe tydperk.

Copyright ©2020 eCUBE. All rights reserved. This content or any portion thereof may not be reproduced or used in any manner whatsoever without the express written permission of eCUBE.

Strofe 2 sluit aan by die titel van die gedig. Die digter skryf op die palimpsest waar die bome se onverstaanbare skrif eers was. Die ooreenkoms tussen die bome en die digter is dat albei skryf. Die verskil tussen die twee is dat bome skryf dinge wat onverstaanbaar is en die digter maak di twat eers onverstaanbaar was, verstaanbaar.

3.4. Opsomming van die gedig

Bome skyf dinge teen die blou hemel met hulle bewende take wat penne namaak wat niemand verstaan nie. Houtkappers kap dan die bome af. Dan saag en maal die meulens die hout sodat dit verpulp en later word dit dan ook papier. Die bome kan nie praat nie – hulle is stil – todat die digter skryf op die papier. Wanneer die digter op die papier skryf kan die woorde aan ‘n gehoor gelees word. Die rol van die digter is dus om deur poësie di twat eers onverstaanbaar was, verstaanbaar te maak.

3.5. Uiterlike bou van die gedig

Hierdie gedig is in vrye vers wat uit twee strofes bestaan van verskillende lengtes. Die versreëls wissel in lengte en daar is geen rym patroon nie. Die gedig word gebind tot ‘n eenheid deur die gebruik van die palimpsebeeld wat die parallele skryfaksie beklemtoon tussen die bome en die digter en die gebruik van metafore en enjambement. Hierdie kan ‘n metagedig genoem word, omdat dit oor die digkuns handel.

Copyright ©2020 eCUBE. All rights reserved. This content or any portion thereof may not be reproduced or used in any manner whatsoever without the express written permission of eCUBE.

EENHEID 5: VRAE EN ANTWOORDE

LEERUITKOMSTE

Aan die einde van hierdie eenheid behoort jy:

- Al die verskillende dele wat behandel is in module 1 suksesvol te kan beantwoord.

Jy behoort 4 ure aan hierdie eenheid te bestee

Copyright ©2020 eCUBE. All rights reserved. This content or any portion thereof may not be reproduced or used in any manner whatsoever without the express written permission of eCUBE.

1. OEFENING 1

1.1. VRAAG 1

Lees die volgende tekste behoorlik deur en skryf opsommings daarvan volgens die vereistes wat gestel word vir elke teks:

1.1.1. Teks 1

Opsomming 1: Leef gesond

Lees die onderstaande teks sorgvuldig deur en doen dan die volgende:

- Identifiseer VYF slegte dinge wat sal gebeur as ‘n mens ongesond eet en onaktief is. Skryf dit in goeie volsinne neer.
- Identifiseer VYF goeie dinge wat sal gebeur as ‘n mens gesond eet en aktief is. Skryf dit in goeie volsinne neer.
- Skryf ‘n opsomming van 10 volsinne.
- Moenie meer as een sin oor elke feit skryf nie.
- Nommer jou sinne puntsgewys soos volg en gebruik die onderstaande sub-opskrifte:

  A Slegte dinge – Nommer jou sinne van 1 tot 5

  B Goeie dinge – Nommer jou sinne van 1 tot 5

- Jy mag woorde uit die teks gebruik, maar jy moet jou eie sinne skryf.
- Jou opsomming moet 100 woorde lank wees en nie 110 woorde oorskry nie.
- Skryf die getal woorde aan die einde van die opsomming neer.

Copyright ©2020 eCUBE. All rights reserved. This content or any portion thereof may not be reproduced or used in any manner whatsoever without the express written permission of eCUBE.

Leef gesond

Is jy een van daardie mense wat nooit nee kan sê vir kos nie? Geniet jy dit om tussen maaltye te eet omdat jy altyd honger is? Weet jy nie wanneer om op te hou nie? Is jy een van daardie mense wat net heeldag by die huis sit en niks aktiefs met jou liggaam doen nie?

'n Gebrek aan oefening en ongesonde eetgewoontes lei tot slap spiere en 'n slegte selfbeeld, want jy kan nie jouself bewys nie. Dit veroorsaak ook velprobleme, want 'n tekort aan goeie kos en vars lug veroorsaak puisies. Sulke mense voel dikwels uiters depressief en buierig. Hulle ly ook dikwles aan slaaploosheid omdat hulle voortdurend eet, selfs net voordat hulle gaan slaap. As hulle die volgende dag opstaan, voel hulle moeg en siek en hulle kan nie op hulle werk fokus nie. 'n Slegte leefwyse kan ook lei tot depressie en 'n swak selfbeeld omdat jy nie innerlik goed oor jouself voel nie.

Wat kan 'n mens hieraan doen?
'n Gesonde leefstyl sal jou soos 'n wenner laat voel. Jou kanse op 'n hartaanval sal drasties verminder. Hoë bloeddruk sal verlaag en jy sal gewig verloor as jy gesond eet en leef. 'n Persoon wat van jongs af gesond lewe, sal 'n beter kwalitiet lewe as 'n volwassene hê. Gesonde kos soos tuna, kalkoen en neute bevat baie sink en sal jou vel teen ongewenste puisies beskerm.

Leer om nee te sê en monitor jou kosinname. 'n Slegte leefwyse is om probleme te probeer vergeet. As jy gesond lewe, sal jy makliker oor jou probleme kan praat. Op die manier sal jy oplossings daarvoor vind.
Leer om die regte kos en die regte hoeveelhede te eet. Gaan gereeld gimnasium toe of neem deel aan sport. So kan jy daardie vietse lyfie of daardie "sexy sixpack" kry wat jy nog altyd begeer het en die lewe sal 'n fees wees.

(Verwerk uit: Huisgenoot)

1.1.2. Teks 2

Opsomming 2

Instruksies:

- Lees die onderstaande paragrawe versigtig deur.
- Soek twee hoofgedagtes uit elke paragraaf.
- Skryf die hoofgedagte in jou eie sin neer.
- Skryf jou sinne puntsgewys neer.
- Jou sinne moet altesaam nie meer as 110 woorde wees nie.
- Onthou om die aantal woorde aan die einde van die opsomming aan te dui.

Copyright ©2020 eCUBE. All rights reserved. This content or any portion thereof may not be reproduced or used in any manner whatsoever without the express written permission of eCUBE.

- Jy sal gepenaliseer word as jy meer as 110 woorde skryf.
- Jy sal gepenaliseer word as jy nie die aantal woorde aandui nie.

‘n Advertensie natuurlik! Ons leef nou al tien jaar lank met “Yebo Gogo”. Sê net Yebo Gogo, en almal lag en praat. Hierdie Vodacom-advertensie is vandag deel van ons kultuur. Vodacom is baie suksesvol. Hulle borg ons groot sportbyeenkomste. Hulle het internasionaal al baie sportdeure vir Suid-Afrika oopgemaak.

Wat verwag jy van ‘n kitskos-restaurant? Alles wat Kentucky Fried Chicken jou bied. Hulle bied jou “tuisgemaakte” kos, goeie waarde en vriendelike diens. Hulle wil hê jy moet terugkom. Dit is waarom KFC sorg vir iets nutus op die spyskaart. Hulle help ook die SOS kinderdorpe. Hulle borg twee huise in elke dorpie. So wil KFC iets bydra tot Suid-Afrikaners se lewens. Hulle wil die weeskinders help.

En wat is die top advertensienaam in Suid-Afrika? Coca-Cola natuurlik! Hierdie advertensie het in 1886 begin. Dit dra die boodskap uit dat die lewe lekker is. Maar waarom is Coca-Cola so suksesvol? Coca-Cola is oor die wêreld die populêrste koeldrank. Net die naam Coca-Cola is meer werd as Coca-Cola se geboue en fabrieke. Mense raak Coke-mal. Versamelaars in Suid-Afrika betaal honderde rande vir Coke-items, byvoorbeeld Coke-yskaste, Coke-teddiebere en Coke-bottels of Coke-blikkies. Een versamelaar se huis is so vol dat hy nou ‘n veiling gaan hou. Amerika is die tuiste van Coke en het oral winkels wat Coke verkoop. Die bekendste plek is Coke Corner in Kalifornië. Die winkel het omtrent eenduisend versamelstukke.

‘n Suid-Afrikaner, Ken Preston, het ‘n ensipklopedie oor advertensies geskryf. Die Sunday Times borg hierdie ensiklopedie. Hy soek altyd na interessante stories oor advertensies vir sy ensiklopedie. Hy was eers nie seker of mense in so ‘n boek sou belangstel nie. Volgende jaar verskyn die tiende uitgawe van hierdie ensiklopedie. Dit gaan ‘n spesiale uitgawe wees.

(Verwerk uit: Beeld)

1.1.3. Teks 3

Opsomming 3

Skryf ‘n opsomming van 100 woorde oor die onderstaande teks.

Copyright ©2020 eCUBE. All rights reserved. This content or any portion thereof may not be reproduced or used in any manner whatsoever without the express written permission of eCUBE.

Instruksies:

- Soek tien feite waarin jy wys op die wenke wat in gedagte gehou moet word by die opknap van ‘n nuwe tuiste.
- Skryf dit puntsgewys neer van 1 tot 10.
- Skryf elke feit in ‘n goeie volsin neer.
- Laat ‘n reël oop tussen elke punt.
- Jy mag nie meer as een sin oor elke feit skryf nie.
- Gebruik sover moontlik jou eie sinne.
- Jou opsomming mag nie langer as 100 woorde wees nie.
- Skryf die getal woorde aan die einde van die opsomming neer.
- Jy sal gepenaliseer word as jy meer as 110 woorde skryf of as jy nie die getal woorde aandui nie. Dit is ook nie aanvaarbaar as jou opsomming te kort is nie.

Copyright ©2020 eCUBE. All rights reserved. This content or any portion thereof may not be reproduced or used in any manner whatsoever without the express written permission of eCUBE.

Om jou eie woning vir die eerste keer te versier of om ‘n bestaande tuiste op te knap, is ‘n baie opwindende uitdaging. Dit lyk ook soms na ‘n onbegonne taak.

Daar is soveel moontlikhede en ‘n eindelose verskeidenheid keuses wat meestal duur lyk.
Stel eerstens vas waarvan jy werklik hou, wat by jou vertrek en jou leefwyse sal inskakel, en by die rigting wat jy wil inslaan. Nou is jy gereed om te begin.

Die eerste en vernaamste vereiste is om ‘n tuiste te skep wat die persoonlikhede van die mense wat dit bewoon, eerlik weerspieël. Waag ‘n bietjie. Persoonlike styl vereis selfvertroue en indien jy waarlik van elke voorwerp in jou huis hou, sal die eindproduk jou unieke stempel dra.
Kies eerder kwalitiet as kwantiteit.

‘n Mens moet binne ‘n gerieflike begroting werk en daarvolgens beplan. Dit is nietemin raadsaam, selfs met ‘n klein begroting, om met ‘n paar basiese items van goeie gehalte te begin en dan stadig daarop voort te bou.

Dieselfde beginsel geld ten opsigte van bybehore waarmee jy jou persoonlikheid, modes en opwindende detail kan uitdruk.

Dit dien geen doel om ‘n mooi huis te hê wat onprakties en ongemaklik is nie.
Een enkele item se praktiese nut moet oorweeg word, veral die goed wat dikwels gebruik gaan word.

Jou leefwyse speel ook ‘n groot rol by jou keuses – die items wat jy kies moet by elkeen se leefwyse, asook die beskikbare ruimte, inskakel.

Tensy jy knus en gemaklik voel, en die meubels en vaste toebehore hulle doel behoorlik dien, sal jy nie kan ontspan en jou tuiste geniet nie.

Indien jy al die aspekte in gedagte hou wanneer jy ‘n tuiste skep, kan die eindresultaat net geslaagd en opwindend wees.

(Verwerk uit Ons bou lewe … Bylae tot Potchefstroom en Cartenville)

Copyright ©2020 eCUBE. All rights reserved. This content or any portion thereof may not be reproduced or used in any manner whatsoever without the express written permission of eCUBE.

1.2. VRAAG 2

1.2.1. Formele brief aan die pers

Jy het onlangs 'n positiewe ervaring by een van ons land se natuurreservate gehad.

Skryf 'n formele brief aan die REIS-tydskrif waarin jy jou positiewe ervaring aan ander lesers oordra. Rig jou brief aan:

Die Redakteur

REIS

Posbus 740

KAAPSTAD

8000

1.3. VRAAG 3

1.3.1. Huldeblyk

Jou ouma is onlangs na 'n kort siekbed oorlede.

Skryf 'n huldeblyk wat jy tydens jou ouma se begrafnis sal lewer.

2. OEFENING 2

2.1. VRAAG 1

Lees die gedig *Rondom my* aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

1. Ek wil my tyd vat hierdie keer
2. ek moet my tyd vat hierdie keer
3. want die haastigheid in my
4. het my al veels te veel keer
5. ondergekry
6. my ondergekry.

Copyright ©2020 eCUBE. All rights reserved. This content or any portion thereof may not be reproduced or used in any manner whatsoever without the express written permission of eCUBE.

7. Ek wil my tyd vat hierdie keer
8. ek moet my tyd vat hierdie keer
9. Ek sien die blou in jou deur die bietjie in jou oë.
10. Ek weet daar is dinge wat jou ook nog pla
11. dinge wat jou terughou.
12. Kom wys my wie jy is en wie jy graag wil wees.
13. Kom wees net jy, kom wees net jy.

14. As jy wil tyd vat hierdie keer
15. kom vat ŉ rukkie hier by my
16. As jy wil tyd vat
17. kom wees hier rondom my
18. kom wees hier rondom my
19. net as jy wil…
20. net as jy wil.

1.1 Gee'n sinoniem vir die voorsetsel in die titel van die gedig.
1.2 Na wie verwys die "my" in die gedig?
1.3 Slaag die titel daarin om die leser onmiddelik te betrek? Antwoord JA of NEE en motiveer jou antwoord.
1.4 Watter tipe spreker word gebruik in die gedig?
1.5 Watter twee opeenvolgende woorde dui aan dat dit nie die eerste keer is dat so iets met die spreker en sy geliefde gebeur nie?
1.6 Hoe beklemtoon die spreker da thy sy tyd gaan vat? Gee twee feite.
1.7 Hoekom moet die spreker sy tyd vat?
1.8 Watter eienskap van die spreker het hom al baie kere duur te staan gekom?
1.9 Watter element van die liriek word in strofe 2 gebruik?
1.10 Waarna verwys die "blou"?
1.11 Wat bevestig die blou in haar oë vir die spreker?
1.12 Waarheen lei die dinge wat haar nog steeds pla?
1.13 Wat moet die geliefde doen? Gee twee feite.
1.14 Hoe sal die spreker sekerheid kry van sy geliefde? Verwys in jou antweerd na versreël 13.
1.15 Hoe verskil strofe 1 van strofe 3?
1.16 Waar moet sy geliefde haar tyd spandeer as tyd uitvat?
1.17 Hoekon, dink jy, moet sy haar tyd rondom hom deurbring?
1.18 Met watter opsie laat die spreker haar aan die einde van die gedig?
1.19 Haal 'n voorbeeld van herhaling aan.
1.20 Wat is die funksie van die herhaling in hierdie gedig?
1.21 Gee 'n voorbeeld van assonansie in die gedig.
1.22 Haal 'n voorbeeld van enjambement aan uit die gedig.
1.23 Wat is die funksie van die enjambement vir:
1.23.1 Die gedig
1.23.2 Die liedjie
1.24 Wat word die drie stippels in die tweede laaste versreël genoem?
1.25 Watter woorde kan daar ingevul word om die sin te voltooi?

Copyright ©2020 eCUBE. All rights reserved. This content or any portion thereof may not be reproduced or used in any manner whatsoever without the express written permission of eCUBE.

2.2. VRAAG 2

Lees die gedig *Palimpses* aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg:

1 Bome skryf teen die blou
2 kreukellose lug dinge
3 wat niemand verstaan nie.
4 Houtkappers kom met byle
5 en vel die bome.
6 Meulens saag en maal
7 en pulp en plet die hout.
8 Stil is die bome;

9 Stil, net tot hy kletterend
10 met sy tikmasjien
11 uit selfs die fynste grein
12 die hele gamma van woord
13 en pyn ring op ring
14 deur hierdie oggend laat dein.

2.1 Uit watter taal kom die titel?
2.2 Verduidelik wat ‘n palimpsest is.
2.3 Is die titel geslaagd. Motiveer jou antwoord.
2.4 Waarna verwys die “blou”?
2.5 Verduidelik die beeld wat die digter beskryf.
2.6 Hoe word die lug beskryf?
2.7 Watter leesteken gebruik die digter om die aktiwiteit van die bome te stop?
2.8 Wat doen die houtkappers?
2.9 Wat gebruik die houtkappers?
2.10 Noem vier dinge wat met die hout by die meulens gebeur.
2.11 Voltooi die sin deur die ontbrekende word in te vul:

Die bome wat afgekap word, is ‘n voorbeeld van ….

2.12 Verduidelik die volgende in jou eie woorde:

“Stil is die bome.”

2.13 Noem die word wat strofe 2 verbind met strofe 1.
2.14 Vir hoe lank is dit stil?
2.15 Na wie verwys die “hy”?
2.16 Voltooi die volgende sin:

Die houtkappers gebruik ‘n 2.16.1 …. en die “hy” gebruik ‘n 2.16.2 …

2.17 Waarna verwys die “fynste grein”?
2.18 Gee vyf verskillende betekenisse van die word “gamma”.

Copyright ©2020 eCUBE. All rights reserved. This content or any portion thereof may not be reproduced or used in any manner whatsoever without the express written permission of eCUBE.

2.19 Watter een van die vyf betekenisse is die mees gepaste vir die gedig?
2.20 Wat doen die digter eintlik vir die bome?
2.21 Wat is die kontras tussen strofe 1 en strofe 2?
2.22 Waarna verwys die “ring op ring”?
2.23 Watter tyd van die dag skryf die digter sy gedigte?
2.24 Is dit reg dat mense bome afkap vir hulle eie gewin? Gee ‘n rede vir jou antwoord.
2.25 Wat is die boodskap van die gedig?
2.26 Watter universele gedagtes word in die gedig aangespreek?
2.27 Watter twee kontrasterende temas staan sentraal tot die gedig?
2.28 Gee ‘n voorbeeld van elk van die volgende uit die gedig:
2.28.1 Personifikasie
2.28.2 Polisindeton
2.28.3 Klanknabootsing
2.28.4 Herhalin
2.28.5 Sinekdogee
2.29 Vegelyk die fokus in strofe 1 en strofe 2.
2.30 Hoe sluit strofe 2 by die gedig se titel aan?

Copyright ©2020 eCUBE. All rights reserved. This content or any portion thereof may not be reproduced or used in any manner whatsoever without the express written permission of eCUBE.

3. ANTWOORDE

3.1. OEFENING 1

3.1.1. VRAAG 1

1.1. Teks 1

A Slegte dinge:

1. Jou spiere sal slap word en jy sal ‘n swak / lae selfbeeld hê.
2. Jy sal velprobleme ontwikkel weens ‘n tekort aan goeie kos en vars lug.
3. Jy sal aan slaaploosheid ly as jy saans laat nog eet.
4. Jy word moeg / siek wakker en kan nie op jou werk konsentreer nie.
5. Dit laat jou depressief en buierig voel.

B Goeie dinge:

1. Jy sal nie aan hartkwale ly nie.
2. Jy sal gewig verloor.
3. Jy sal nie hoë bloeddruk a.g.v. gewigsverlies hê nie.
4. Jou lewenskwaliteit verbeter / as jongmens beïnvloed jou volwasse lewe.
5. Gesonde kos sal jou vel teen puisies beskerm.
6. Dit sal vir jou makliker wees om probleme te bespreek en op te los.
7. Tesame met gesonde oefening kan jy ‘n pragtige lyf ontwikkel.

(Slegs 5)

1.2. Teks 2

- Yebo Gogo is ‘n dekade deel van ons kultuur.
- Hierdie suksesvolle advertensie is nou betrokke by sport in Suid-Afrika.
- KFC bied waarde, diens en iets nuts.
- KFC doen reik uit na SOS kinderdorpe.
- Coca-Cola het reeds met advertensies in 1886 begin.
- Dit is beroemd wêreldwyd en die naam is uiters waardevol.
- Alhoewel Coke-items baie duur is, skrik dit versamelaars nie af nie.
- Die beste plek om die versamelstukke aan te skaf, is Coke Corner in Kalifornië.
- Ken Preston, geborg deur Sunday Times, het ‘n ensiklopedie oor advertensies geskryf.
- Die tiende uitgawe verskyn eersdaags.

Copyright ©2020 eCUBE. All rights reserved. This content or any portion thereof may not be reproduced or used in any manner whatsoever without the express written permission of eCUBE.

(93 woorde)

1.3. Teks 3

Voel knus en gemaklik om te ontspan in jou eie woning

1. Besluit waarvan jy hou, wat jy wil verander en of dit by jou vertrek en leefwyse pas.
2. Jou maak en styl is belangrik wanneer jy jou huis versier.
3. Kies produkte van gehalte eerder as om ‘n klomp produkte aan te skaf.
4. Hou deurentyd by jou begroting.
5. Wanneer bybehore aangeskaf word, moet kwaliteit en jou begroting in ag geneem word.
6. Bybehore wat dikwels gebruik word, het hoë praktiese waarde.
7. Die artikels wat jy aanskaf moet ook by jou leefwyse pas.
8. Meubels moet jou tuis laat voel.
9. Jy moet gemaklik in jou woning voel.
10. Bogenoemde aspekte waarborg tevredenheid.

(95 woorde)

3.1.2. VRAAG 2

Die brief het ten doel om die skrywer se positiewe ervaring oor 'n natuurreservaat aan ander lesers oor te dra.

Hou die volgende in gedagte:

- Die formaat is formeel: daar moet dus twee adresse wees. Die res van die brief se formaat moet korrek wees soos vir formele briewe geld.
- Die inhoud is baie belangrik, so ook die styl, struktuur en doel.
- Die aanhef of 'n bekendstelling is nie 'n vereiste nie, maar sal die waarde van die skryfstuk verhoog.
- Styl: Dit behoort saaklik, formeel, maar hoflik te wees. Eenvoudige, direkte taal is nodig.
- Struktuur: Die brief moet bestaan uit paragrawe waarin gefokus word op die positiewe wat tydens die besoek ervaar is.
- Die formele register moet gebruik word, soos benodig in persbriewe.
- Indien 'n skuilnaam gebruik word, moet die formaat steeds korrek wees.
- Die afsluiting is formeel en bevat die skrywer se voorletters, van en titel, waar nodig.

Copyright ©2020 eCUBE. All rights reserved. This content or any portion thereof may not be reproduced or used in any manner whatsoever without the express written permission of eCUBE.

3.1.3. VRAAG 3

Bring hulde aan jou ouma.

Hou die volgende in gedagte:

- Die oorledene se naam en van, adres en ouderdom, datum van afsterwe, die plek waar die persoon oorlede is en die oorsaak van dood kan gegee word.
- Prestasies, hoogtepunte uit die oorledene se lewe en gemeenskaps-betrokkenheid kan ingesluit word.
- Die fokus behoort te wees op dit wat die ouma vir die skrywer beteken het.
- Gebeurtenisse/staaltjies/persoonlike herinneringe behoort ingesluit te wees en moet kan bydra/behoort by te dra tot die vertroosting van die familie.
- Moet waarderend wees.
- Iets persoonliks, soos 'n gedig, kan bygevoeg word.
- Taal, styl en register is formeel, opreg en uit die hart.
- Spreker kan eufemismes gebruik.

3.2. OEFENING 2

3.2.1. VRAAG 1

1.1. Naby / langsaan / by
1.2. Die spreker
1.3. Ja, want die spreker gebruik persoonlike voornaamwoorde wat die spreker onmiddelik betrek.
1.4. Ek-spreker
1.5. “hierdie keer”
1.6. Hy herhaal die sin. / Hy gebruik ‘n strerker hulpwerkword, “moet”.
1.7. Sy oorhaastigheid in die verlede het tot baie probleme gelei.
1.8. “haastigheid”
1.9. Herhaling
1.10. Hartseer of ongelukkigheid
1.11. Daar is dinge wat haar ook pla.
1.12. Sy hou sekere dinge weg van hom.
1.13. Sy moet net haarself wees of sy moet haar ware self wees.
1.14. Sy moet net haarself vir hom wees en sy moenie voorgee om iemand anders te wees nie.
1.15. In strofe 1 praat die spreker van himself en in strofe 3 praat die spreker van sy geliefde en wat sy moet doen.
1.16. By hom, die spreker.
1.17. Al is dinge nie goed tussen hulle nie, wil hy haar nog steeds naby hom hê, want hy is lief vir haar.

Copyright ©2020 eCUBE. All rights reserved. This content or any portion thereof may not be reproduced or used in any manner whatsoever without the express written permission of eCUBE.

1.18. Dit hang net van haar af.
1.19. “as jy wil” en “net as jy wil”.
1.20. Om aandag op die idee te plaas en om dit te beklemtoon.
1.21. “… veels te veel keer”
1.22. “onderkry / my onderkry”
1.23. 1.23.1 Dit lei tot die vinniger lees van die gedig.
1.23.3 Om die ritme en tempo te behou.
1.24. Ellips
1.25. “nes jy wil, my geliefde”

3.2.2. VRAAG 2

2.1 Grieks
2.2 ‘n Palimses is ‘n perkament rol waarvan die oorspronklike skrif afgekrap is of onsigbaar is, maar daar kan weer op geskryf word.
2.3 Ja, want net soos die gebruikte perkamentrol weer gebruik kan word vir ‘n ander boodskap, kry die afgekapte bome ook ‘n nuwe funksie.
2.4 Die lug of hemel.
2.5 Die bome groei hoog in die lug en dit lyk of die bome besig is om in die lug te skryf.
2.6 “blou kreukellose”
2.7 Punt
2.8 Hulle kap die bome af.
2.9 “byle”
2.10 “saag en maal en pulp en plet”
2.11 Vernietiging
2.12 Die bome is nou stil, dood, afgekap
2.13 “stil”
2.14 Tot wanneer die digter op sy tikmasjien werk.
2.15 Die digter
2.16
2.16.1 byl
2.16.2 tikmasjien
2.17 Dit dui op die kwaliteit van die papier wat gemaak is van die bome.
2.18 Dit is die derde letter van die Griekse alphabet.
Dit is die letter “g” in die westerse alphabet.
Dit is ‘n toonleer in musiek.
Dit is ‘n helder ster.
Dit was ‘n simbool van ‘n hoeksteern vir Christene eeue gelede.
2.19 Die “g” in ons alphabet, want gedigte het te make met letters van die alphabet en gamma verteenwoordig hier die hele alphabet en word gebruik as ‘n sinekdogee.
2.20 Hy laat die bome herleef.
2.21 In strofe 1 word die bome vernietig en in strofe 2 laat die digter die bome herleef.

Copyright ©2020 eCUBE. All rights reserved. This content or any portion thereof may not be reproduced or used in any manner whatsoever without the express written permission of eCUBE.

2.22 Dit is die jaarringe van die bome wat vir ons die ouderdom van die bome aandui. Dit kan ook die klank van die tikmasjien wees as die balk gedruk word om oor te gaan op die volgende reël.
2.23 oggend
2.24 Ja, want dit gee vir ons papier wat ons daagliks gebruik.
OF
Nee, want dit beskadig die natuur en lei tot aardse verwarming.
2.25 Dinge wat vernietig of dood is kan weer gebruik word om iets anders te skep.
2.26 Herwin, hergebruik en verminder.
2.27 Vernietiging en hernuwing
2.28
2.28.1 “Bome skryf teen die blou lug”
2.28.2 “saag en maal en pulp en plet”
2.28.3 “kletterend”
2.28.4 “stil”
2.28.5 “gamma”
2.29 Strofe 1 fokus op die bome en wat met dit gebeur: Hulle skryf, word afgekap en dan word die hout in produkte verwerk.
Strofe 2 fokus op die digter en sy skryfwerk: Hy skryf gedigte op papier wat van bome se hout gemaak is en verwoord die bome se verhale en pyn in sy gedigte wat uitkring en talle mense bereik.
2.30 Die bome se “skryfwerk” is verwyder en die digter tik nou op papier wat van bome se hout gemmak is. Die digter gebruik papier wat van bome se hout gemaak is om op te skryf en hy gee in sy gedigte betekenis aan die bome se onverstaanbare skrif.

EINDE VAN MODULE 1

Copyright ©2020 eCUBE. All rights reserved. This content or any portion thereof may not be reproduced or used in any manner whatsoever without the express written permission of eCUBE.